HEILSA

VISIE

Om 'n toonaangewende en mededingende maatskappy in Suid-Afrika en uitgesoekte Afrika-lande te wees wat elke verbruiker daagliks met sy gerespekteerde en vertroude handelsmerkprodukte bereik en om beter en volhoubare aandeelhouerswaarde te lewer deur 'n verantwoordelike korporatiewe burger en voorkeurwerkgewer te wees.

MISSIE

Clover is 'n voedsel- en drankiesgroep met 'n sterk klem op waardetoegevoegde handelsmerkprodukte. Clover se Suid-Afrikaanse suiwelbesigheid is die volmaakte instaatsteller om die Groep se wydverspreide klante en verbruikers te bereik. Buitengewone moeite word gedoen om handelsmerke te ontwikkel wat die eerste of tweede posisies in sy gekose segmente sal beklee. Clover glo in die superieure verkryging, produksie, bemarking, verkoop en verspreiding van hierdie handelsmerk-verbruikersprodukte aan sy lojale verbruikers.

STRATEGIE

Clover se korporatiewe strategie is om op bestaande bevoegdhede in die Groep te bou en om 'n kultuur van buitengewone prestasie te vestig met die oog op die daarstelling van 'n platform vir toekomstige markuitbreiding. Verskillende maatskappye in die Groep het verskillende strategieë wat maatskappyspesifieke ondersteuning ontvang om hul potensiaal te maksimeer. Die uitbreiding van infrastruktuur om te deel in die sterk groei in verbruik in die segmente wat hy domineer, word as 'n sleutel tot al Clover se aktiwiteite beskou.

BOUSTENE VIR DIE TOEKOMS

Die boustene om ons toekomsdrome in 2010 te verwesenlik, is:

- Groei deur die Clover-handelsmerk en ander onafhanklike subhandelsmerke
- 'n Grondige begrip van verbruikersbehoeftes
- 'n Omvattende distribusie-infrastruktuur
- 'n Sterk verhouding met klante
- 'n Sterk verhouding met Melkprodusente en ander handelsvennote
- Voortdurende doeltreffendheidsverbeteringe
- Uitbreiding van infrastruktuur
- Samesmeltings en verkrygings.

INHOUD

ALGEMEEN

Visie, Missie, Strategie en Boustene vir die Toekoms 141
Ons geskiedenis 144
Groepstruktuur 146
Hooftrekke 147
Direksie en Bestuur 148
6-jaar finansiële oorsig 150
Voorsittersverslag 154
Uitvoerende Hoof se verslag 158
Volhoubaarheidsoorsig 162
Verslag oor Korporatiewe Beheer 168
Finansiële verslag 171
Sertifikaat deur Sekretaris 172
Ontleding van aandeelhouding 173
Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering 174
Volmagvorm 175
Administrasie 176

FINANCIAL SECTION/FINANSIËLE AFDELING

Group Directors' report/Groepdirekteursverslag 38
Audit Committee report/Ouditkomiteeverslag 41
Auditors' report/Ouditeursverslag 42
Consolidated income statements/Gekonsolideerde inkomstestate 43
Consolidated balance sheets/Gekonsolideerde balansstate 44
Statements of changes in equity/State van veranderinge in ekwiteit 46
Consolidated cash flow statements/Gekonsolideerde kontantvloeistate 48
Notes to the financial statements/Aantekeninge by die finansiële state 50

'n Lys van al die definisies en afkortings wat in die jaarverslag gebruik word, word in Aantekening 3 op bladsye 70 tot 73 uiteengesit.

Boere vergader op Mooirivier gedurende Oktober 1898 om die stigting van 'n botterfabriek te bespreek. Tydens opvolgvergaderings word die naam Natal Creamery Beperk en koöperatiewe beginsels goedgekeur.

Joseph Baynes begin die eerste botterfabriek in Natal op sy plaas Nel's Rust. Weens 'n gebrek aan behoorlike regskanale om 'n koöperasie te registreer, word Natal Creamery Beperk onder die Natalse Maatskappyewet geregistreer en H Blaker word as eerste voorsitter aangewys.

Daar word die eerste keer verwys na Model Dairy as 'n vennootskap tussen Natal Creamery Bpk en Joseph Baynes Bpk vir die bemarking van vars melk in Durban. Hierdie vennootskap word in Oktober 1901 beëindig.

Melkverspreiding deur Natal Creamery Bpk begin in Mei in Pietermaritzburg.

Gedurende 1903 word melk daagliks na Johannesburg versend en in November besluit Natal Creamery Bpk om die melkbedryf in Johannesburg te ondersoek.

Natal Creamery Bpk neem die Johannesburg Milk Supply Company Bpk in Maart oor.

Heilbron Government Creamery word in Desember tot stand gebring.

In Junie word Natal Creamery Bpk onder die Koöperasiewet van 1922 geregistreer.

Teen 1932 is Natal Creamery Bpk in 32 sentrums landswyd in bedryf.

'n 100% koöperatiewe bedryfstelsel word goedgekeur en die naam Natal Creamery Bpk word verander na Nasionale Suiwelkoöperasie Beperk.

1994

Clover S.A. (Edms) Bpk word as 'n bedryfsmaatskappy deur Nasionale Suiwelkoöperasie Bpk gestig.

1995

Clover S.A. (Edms) Bpk en Compagnie Gervais Danone snoer kragte saam in 'n gesamentlike onderneming.

1997

Clover Beherend Bpk word as beheermaatskappy vir Clover S.A. (Edms) Bpk gestig.

1998

Danone en Clover S.A. (Edms) Bpk stig die Danone Clover (Edms) Bpk gesamentlike onderneming.

2003

November 2003 – Die omskepping van Nasionale Suiwelkoöperasie in 'n publieke maatskappy en die naamsverandering na Clover Industries Bpk word tydens 'n reeks spesiale vergaderings goedgekeur. Die dinamiek geïnkorporeer in Clover Industries Bpk met betrekking tot gewone aandele wat beheer uitoefen en voorkeuraandele wat vrylik verhandel word, lui 'n nuwe tydvak vir die Groep in.

Clover S.A. (Edms) Bpk en Compagnie Gervais Danone stig die Clover Danone Beverages Bpk gesamentlike onderneming.

2004

Clover Beherend Bpk word ontbondel. Vandag is Clover Industries Bpk (CIL) die beheer-maatskappy van Clover S.A. (Edms) Bpk, een van Suid-Afrika se grootste verbruikershandelsmerk-produkmaatskappye, Suid-Afrika se grootste suiwelmaatskappy en van die voorste vervaardigers en bemarkers van voedselprodukte in Suid-Afrika.

2005

Hosken Consolidated Investments Bpk bekom 'n aandeel van 25,1% in CIL as 'n swartbemagtigingsvennoot.

2006

Clover S.A. (Edms) Bpk en Fonterra Ltd van Nieu-Seeland stig die Clover Fonterra Ingredients (Edms) Bpk gesamentlike onderneming.

2007

Hosken Consolidated Investments Bpk, Clover se swartbemagtigings-vennoot, oefen sy opsie uit om sy gewone aandeelhouding tot 34,9% te vergroot en Clover S.A. (Edms) Bpk koop 39,8% van die aandele van Clover Danone Beverages Bpk van Compagnie Gervais Danone terug. Die maatskappy se naam verander na Clover Beverages Bpk.

2008

Danone Clover (Edms) Bpk verkry 'n belang van 70% in Mayo Dairy (Edms) Bpk.

2009

Dekonsolidasie van Danone Clover (Edms) Bpk.


Clover
Clover Industries Bpk
100%
Clover
Clover S.A. (Edms) Bpk
94,8%
DANONE
Compagnie Gervais Danone
55%
45%
52%
100%
100%
70%
100%
51%
Afdelings
Clover Beverages Bpk
Danone Clover (Edms) Bpk
Clover Zambia
Clover Zambië (Edms) Bpk
Clover Swaziland
Clover Swaziland (Edms) Bpk
Fonterra
Fonterra Bpk
49%
70%
Mayo Dairy (Edms) Bpk
Lactolab (Pty) Ltd
Lactolab (Edms) Bpk
Clover Botswana
Clover Botswana (Edms) Bpk
Clover
Fonterra
Ingredients
Clover Fonterra Ingredients (Edms) Bpk
Melkwinning, Produksie, Primêre Distribusie en Voorsieningsketting-bestuur, Bemarking, Verkope en Sekondêre Distribusie

HOOFTREKKE

Groepaktiwiteit	2009	2008	Verandering
	R'm	R'm	%
Omset	6 013,8	5 497,2	9,4
Bedryfswins	** 756,4	297,2	179,4
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers van die houermaatskappy	** 527,2	119,9	392,6
Netto bates	1 481,0	986,9	16,5
Verhoudings	%	%	%
Hefboompersentasie	48,8	67,9	(31,1)
Opbrengs op aandeelhouersbelang	** 44,3	13,6	256,6
Opbrengs op netto bates	** 31,6	15,3	122,9



Omset



Bedryfswins



Netto Batewaarde



Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers van die houermaatskappy

* Sluit R111 miljoen wins (R103 miljoen na belasting) by verkoop van die UltraMel Vla-besigheid in.
** Sluit R637,5 miljoen wins (R599,5 miljoen na belasting) by dekonsolidasie van Danone Clover in.

CLOVER INDUSTRIES BPK

Nie-uitvoerende Melkprodusente-Direkteure
JAH Bredin (Voorsitter) ¥ $ §
HPF du Preez (Ondervoorsitter) ¥ $
WI Büchner Đ
MG Elliott
JC Hendriks (Dr) § Đ
JW Lotz
MG MacKenzie
FG Meyer
VP Turner

Nie-uitvoerende Swartbemagtigingsdirekteure
MA Golding
VE Mphande Đ
A van der Veen (Bedank: 29 April 2009) ¥ $
JA Copelyn

Nie-uitvoerende Onafhanklike Direkteure
DK Smith $ ¥ § # Đ
TA Wixley $ ¥ § # Đ

Uitvoerende Direkteure
JH Vorster (Uitvoerende Hoof)
HB Roode (Adjunk Uitvoerende Hoof)
LJ Botha (Hoof Finansiële Beampte)
CP Lerm (Dr)

Maatskappysekretaris
HB Roode

CLOVER S.A. (EDMS) BPK

Nie-uitvoerende Direkteure
JAH Bredin (Voorsitter) $ ¥ §
JA Copelyn
HPF du Preez $ ¥
A van der Veen (Bedank: 29 April 2009) $ ¥

Uitvoerende Direkteure
JH Vorster (Uitvoerende Hoof)
HB Roode (Adjunk Uitvoerende Hoof en Besturende Direkteur Afrika)
LJ Botha (Hoof Finansiële Beampte)
CP Lerm (Dr)

Uitvoerende Komitee
JH Vorster (Uitvoerende Hoof), BCompt(Hons), GR(SA), MBA (Wits)
HB Roode (Adjunk Uitvoerende Hoof en Besturende Direkteur Afrika), BJuris, LLB
LJ Botha (Hoof Finansiële Beampte en Melkwinning), BCom(Hons), GR(SA), ACIS
CP Lerm (Dr) (Handelsmerke en Industrieel), DCom
JA Kotze (Kommersieel), BCom Rek (Afgetree: 30 Junie 2009)
A Schoeman (Menslike Hulpbronne), BCom
H Lubbe (Voorsieningsketting), MCom (Vervoerekonomie), MBA
JHF Botes (Dr) (Kommersieel) DPhil

Maatskappysekretaris
HB Roode

\# Lid van Groep Ouditkomitee
$ Lid van Finansiële Oorsig- en Risikokomitee
¥ Lid van Vergoedingskomitee
§ Lid van Nominasiekomitee
Đ Lid van Volhoubaarheidskomitee

Al die Direkteure is Suid-Afrikaanse burgers

DIREKSIE EN BESTUUR

CLOVER BEVERAGES BPK

Nie-uitvoerende Direkteure
JAH Bredin $
DK Smith $ #
HPF du Preez (Alternatief) $

Uitvoerende Direkteure
JH Vorster (Voorsitter)
CP Lerm (Dr) (Bedryfshoof)
LJ Botha ∞
HB Roode

Maatskappysekretaris
HB Roode

CLOVER FONTERRA INGREDIENTS (EDMS) BPK

Nie-uitvoerende Direkteure
HB Roode (Voorsitter)
E Janse van Rensburg $ ¥
BT Willis ♣
DT Moore $ ¥ ♣

Maatskappysekretaris
HF Kocks

CLOVER SWAZILAND (EDMS) BPK

Nie-uitvoerende Direkteure
HB Roode
JHF Botes (Dr)

Maatskappysekretaris
Business Connexions (Pty) Ltd

LACTOLAB (EDMS) BPK

Nie-uitvoerende Direkteure
M van der Berg (Voorsitter)
JC van der Vyver $ ¥
HB Roode $ ¥
J Floor (Dr)
TJF de Villiers

Maatskappysekretaris
HB Roode

DANONE CLOVER (EDMS) BPK

Nie-uitvoerende Direkteure
P Loic Jacob (Bedank: 30 April 2009) +
MAM Gosselin (Voorsitter) +
Me SE Bitard Bouheret + ∞
JH Vorster
C Bombled (Aangestel: 1 Mei 2009) +
HB Roode

Uitvoerende Direkteure
M Lozano (Besturende Direkteur) (Bedank: 30 April 2009) • ∞
Me F Temime (Finansiële Direkteur) (Aangestel: 11 Augustus 2008) + ∞
M Pereira Reis (Aangestel: 1 Mei 2009) ¢
AJ Davidson (Bedank: 11 Augustus 2008)

Maatskappysekretaris
HB Roode

CLOVER BOTSWANA

Nie-uitvoerende Direkteure
L Brink Δ
HB Roode
F Jooste ♥
EJ van Rensburg

Uitvoerende Direkteur
HP de Lange

Maatskappysekretaris
UPT Secretarial Service (Pty) Ltd

CLOVER ZAMBIA

Nie-uitvoerende Direkteure
MN Patel ♠
HB Roode

Maatskappysekretaris
KK Patel

$ Lid van Finansiële Oorsig- en Risikokomitee
¥ Lid van Vergoedingskomitee
Lid van Ouditkomitee
∞ Lid van Danone Clover Ouditkomitee

¢ Verenigde Koningkryk
+ Frankryk
• Argentinië
Δ Botswana
♥ Namibië
♠ Zambië
♣ Nieu-Seeland

Alle ander Direkteure is Suid-Afrikaanse burgers

	2009	2008	2007	2006	2005	*2004
	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm
Bedrywighede						
Omset	6 013,8	5 497,2	4 482,2	4 090,7	4 010,3	3 857,8
Bedryfswins	*** 756,4	297,2	** 357,0	242,2	61,0	121,2
Netto finansieringskoste:						
Bedryfs- en langtermynlaste	(123,9)	(90,7)	(53,7)	(58,6)	(59,8)	(44,1)
Skuldkomponent van voorkeuraandelekapitaal, aangepas vir dividende ontvang op tesourie-aandele	(32,2)	(30,4)	(22,0)	(16,4)	(13,7)	(8,3)
Wins/(verlies) voor uitsonderlike items	600,3	176,1	281,3	167,2	(12,5)	68,8
Uitsonderlike items	–	–	–	–	–	2,3
Wins/(verlies) voor belasting	600,3	176,1	281,3	167,2	(12,5)	71,1
Belasting	(55,9)	(50,5)	(72,7)	(36,2)	9,6	(63,0)
Aandele van verlies van geassosieerde maatskappy	(5,5)	–	–	–	–	–
Minderheidsbelang	(11,7)	(5,7)	(41,5)	(35,8)	(25,2)	(17,3)
Toeskryfbare wins/(verlies) aan aandeelhouers	*** **527,2**	**119,9**	** **167,1**	**95,2**	**(28,1)**	**(9,2)**

* Nie aangepas vir IFRS-toepassing nie. Die omskakeling van NCD na CIL het in 2004 plaasgevind.
** Sluit R111 miljoen wins (R103 miljoen na belasting) by verkoop van die UltraMel Vla-besigheid in.
*** Sluit R637,5 miljoen wins (R599,5 miljoen na belasting) by dekonsolidasie van Danone Clover in.

6-JAAR FINANSIËLE OORSIG

	2009	2008	2007	2006	2005	*2004
	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm
Ekwiteitsdividende - gewone aandele	1,0	0,6	0,3	-	0,1	-
Ekwiteitsdividende - voorkeuraandele	29,0	17,8	9,2	-	-	-
Voorkeurdividend erken as rente	32,2	30,4	22,0	16,4	17,5	8,3
	Sent	Sent	Sent	Sent	Sent	Sent
Ekwiteitsdividende per gewone aandeel	1,1	0,7	0,4	-	0,3	-
Ekwiteitsdividende per voorkeuraandeel	33,5	20,5	10,7	-	-	-
Verpligte voorkeurdividend per voorkeuraandeel	37,3	35,2	25,5	22,8	32,9	15,6
Verdienste/(verlies) per gewone aandeel	22,3	5,2	8,3	5,1	(2,5)	(0,8)
Verwaterde verdienste/(verlies) per gewone aandeel	22,3	5,2	7,1	4,5	(2,5)	(0,8)
Verdienste/(verlies) per voorkeuraandeel	596,4	135,6	192,6	127,7	(50,9)	(16,6)
Verwaterde verdienste/(verlies) per voorkeuraandeel	596,4	135,6	192,6	127,7	(50,9)	(16,6)
	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm
Finansiële posisie						
Nie-bedryfsbates	1 823,7	1 361,3	1 206,0	889,8	855,3	596,0
Uitgesteldebelastingbate	110,4	104,8	71,1	63,3	26,1	13,3
Bedryfsbates	1 651,4	1 908,1	1 249,4	1 272,1	1 425,3	1 321,4
Totale bates	**3 585,5**	**3 374,2**	**2 526,5**	**2 225,2**	**2 306,7**	**1 930,7**
Aandeelhouersfondse	1 440,1	938,6	829,0	629,7	486,4	346,7
Minderheidsbelang	40,9	48,3	28,5	59,0	48,0	29,7
Langtermyngedeelte van rentedraende lenings	761,4	657,0	566,9	574,4	518,0	485,2
Langtermyngedeelte van voorsienings	60,5	62,9	64,0	59,0	57,2	-
Uitgestelde belastinglas	6,3	28,6	15,4	10,8	-	-
Korttermyngedeelte van rentedraende lenings	234,8	517,6	135,4	49,7	170,0	61,3
Bedryfslaste	1 041,5	1 121,2	887,3	842,6	1 027,1	**1 007,8
Totale ekwiteit en laste	**3 585,5**	**3 374,2**	**2 526,5**	**2 225,2**	**2 306,7**	**1 930,7**

* Nie aangepas vir IFRS-toepassing nie.
** Sluit langtermyngedeelte van voorsienings in.

6-JAAR FINANSIËLE OORSIG

	2009	2008	2007	2006	2005	*2004
	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm
Netto bates	**1 481,0**	**986,9**	**857,5**	**688,7**	**534,4**	**486,0**
Vervangingswaarde van grond, geboue, aanleg en masjiene ***	4 927,0	4 521,6	4 383,2	3 729,3	3 006,6	2 862,7
	'000	'000	'000	'000	'000	'000
Aantal aandele						
Aantal uitgereikte gewone aandele op jaareinde	88 485,3	88 485,3	76 907,8	76 907,8	57 603,9	57 603,9
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele netto van tesourie-aandele	78 711,5	77 411,0	67 134,0	62 308,1	38 056,4	38 056,4
Aantal uitgereikte voorkeuraandele op jaareinde	86 492,6	86 492,6	86 492,6	82 603,9	57 603,9	57 603,9
Geweegde gemiddelde aantal voorkeuraandele netto van tesourie-aandele	85 442,0	85 517,0	83 888,6	72 042,6	53 292,6	53 292,6
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele vir berekening van verwaterde verdienste per aandeel	78 711,5	77 411,0	78 711,5	70 991,2	38 056,4	38 056,4
	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm	Rm
Kontantvloei						
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	(91,6)	(113,5)	186,3	14,7	1,4	331,9
Kontant benut in beleggingsaktiwiteite	(190,6)	(213,1)	(311,9)	(118,3)	(94,9)	(187,6)
Netto (uitvloei)/invloei van kontant voor finansieringsaktiwiteite	(282,2)	(326,6)	(125,5)	(103,7)	(93,6)	144,3
Kontant (benut in)/gegenereer uit bedryfsaktiwiteite per aandeel (sent)	(116,4)	(146,6)	277,7	23,5	3,5	872,1
	%	%	%	%	%	%
Verhoudings en opbrengste						
Bedryfswins tot omset	**** 12,6	5,4	** 8,0	5,9	1,5	3,1
Opbrengs op netto bates	**** 31,6	15,3	** 23,6	18,2	5,5	11,7
Opbrengs op aandeelhouersbelang	**** 44,3	13,6	** 22,9	17,1	(6,7)	(2,2)
Hefboompersentasie	48,8	67,9	43,1	38,4	40,8	36,0
Effektiewe belastingkoers	9,3	28,7	25,9	21,6	76,8	88,6
	Keer	Keer	Keer	Keer	Keer	Keer
Netto bate-omset	7,1	10,9	10,5	20,8	58,2	27,2
Bedryfsverhouding	1,3	1,2	1,2	1,4	1,2	1,3

* Nie aangepas vir IFRS-toepassing nie. Die omskakeling van NCD na CIL het in 2004 plaasgevind.
** Ingesluit R111 miljoen wins (R103 miljoen na belasting) by verkoop van die UltraMel Vla-besigheid.
*** Vervangingswaarde van grond, geboue, aanleg en masjiene word jaarliks deur 'n eksterne waardeerder bepaal.
**** Sluit R637,5 miljoen wins (R599,5 miljoen na belasting) by dekonsolidasie van Danone Clover in.
'n Lys van definisies gebruik in die bogenoemde berekenings word in Aantekening 3 op bladsye 71 tot 73 weergegee.

6-JAAR FINANSIËLE OORSIG

	2009	2008	2007	2006	2005	*2004
	Getal	Getal	Getal	Getal	Getal	Getal
Werknemers						
Gemiddelde getal permanente werknemers	6 579	6 662	6 776	6 537	6 329	6 454
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Omset per werknemer	914,1	825,2	661,5	625,8	640,1	602,0
Bedryfswins per werknemer	** 115,0	44,6	52,7	37,0	9,6	18,8
Netto bates per werknemer	187,6	138,4	114,1	93,6	80,6	88,3

* Nie aangepas vir IFRS-toepassing nie.
** Sluit R637,5 miljoen wins (R599,5 miljoen na belasting) met dekonsolidasie van Danone Clover in.

VOORSITTERSVERSLAG

Ondanks die globale ekonomiese krisis en die gevolglike binnelandse resessietoestande het die Clover-handelsmerk weer eens sy veerkrag en sterkte bewys. Die moeilike handelstoestande was ongetwyfeld uitdagend, maar die Clover-handelsmerkbesigheid, hoewel laer as die vorige jaar, het sy man gestaan. Die roumelksurplus wat ongelukkig met die ekonomiese afswaai saamgeval het, het verhoogde voorraadvlakke van veral melkpoeier tot gevolg gehad, wat kontantvloei en skuldvlakke gedurende die middel van die jaar nadelig beïnvloed het. Soos die meeste kommoditeite is melkpoeierpryse deur wêreldgebeure geraak. Teen die jaareinde het voorraadvlakke afgeneem, kontant is vrygestel en skuld is verlaag tot vlakke laer as in Junie 2008 en voor die uitwerking van die melkoorskot. Daar moet toegegee word dat die 2009 finansiële jaar moeilik was, maar dat ywerige bestuur van die situasie die Groep teen die ergste beskerm het. Stygende suiwelpryse, tesame met verlaagde roumelk-produksievlakke, dra by tot 'n optimistiese vooruitsig vir die komende finansiële jaar.

Die finansiële krisis het 'n beduidende impak gehad op die pryse van internasionaal verhandelde suiwelprodukte en die prys van melkpoeier het vanaf sowat $5 000 per ton in 2007 gedaal tot minder as $2 000 gedurende 2008 en die eerste helfte van 2009. Dit het dit besonder moeilik gemaak om poeiervoorrade wat gedurende die hoogseisoen van 2008 opgebou het, van die hand te sit. Die optimistiese vooruitsigte by die 2007 Internasionale Suiwelkonferensie in Ierland was in totale kontras met dit wat gedurende 2008 by die konferensie in Mexiko voorgelê is. Die dramatiese styging in internasionale melkproduksie, aangevuur deur 'n opwaartse spiraal van roumelkpryse en die skielike en onverwagte krisis in die globale finansiële situasie, was duidelik verantwoordelik vir hierdie dramatiese ommeswaai. Van groot belang vir lande soos ons eie is die terugkeer na staatsinmenging deur baie suiweluitvoerlande. Dit sal onvermydelik produksie daar aanmoedig en internasionale suiwelpryse sodoende langer onderdruk as wat andersins die geval sou wees. Dit is dringend noodsaaklik dat die owerhede die gevare erken wat die suiwelbedryf in Suid-Afrika in die gesig staar en hoewel daar geen verwagting van regstreekse ondersteuning is nie, is dit noodsaaklik dat ons beskerm word teen onregverdige kompetisie indien voedselsekerheid opreg deel van die regering se visie vir die toekoms is.

Die huidige besorgdheid oor voedselsekerheid en voedselinflasie is baie aktueel, maar behoort geen verrassing te wees selfs by 'n baie oppervlakkige analise van die binnelandse landbousituasie nie. 'n Fokus op die plaaslike primêre suiwelbedryf toon 'n dramatiese afname in aktiewe en produktiewe suiwelplase. Die afgelope 20 jaar het die getal produsente wat aan Clover lewer, van ongeveer 3 500 tot die huidige 321 gedaal. Konsolidasie in hierdie sektor het 'n algehele afname in melkinname teengewerk, maar indien die huidige toepassing van die grondhervormingsprogram voortgaan, kan ons ernstige roumelktekorte in die onmiddellike toekoms verwag. Tot nou was dit hoofsaaklik die kleiner suiwelboerderye wat produksie gestaak het, en baie van hierdie koeie is in die oorblywende kuddes opgeneem. Gegewe die hoë kapitaalvereistes en die onsekerheid wat die grondhervormingsprogram skep, is dit egter te betwyfel of daar grootskaalse belegging in suiwelboerdery sal wees sonder 'n oplossing van hierdie probleem. Suid-Afrika het enorme potensiaal vir laekoste-melkproduksie, veral in sommige kusstreke, maar daar moet erken word dat vaardighede behou en ontwikkel moet word om dit te verwesenlik. Die trae vordering wat gemaak word en die onsekerheid wat dit veroorsaak, ontmoedig belegging, die ontwikkeling van suiwelplase en gevolglik die potensieel grootskeepse skepping van werkgeleenthede in plattelandse gebiede.

Finansiële resultate

Die rekeningkundige hantering van die Groep se belang in Danone Clover het gedurende die jaar verander as gevolg van veranderde omstandighede soos uiteengesit in die Direkteursverslag. Alhoewel die verandering in rekeningkundige hantering 'n beduidende wins tot gevolg gehad het, moet verstaan word dat die wins slegs 'n rekeningkundige wins is, en dat die Groep op geen wyse sy belang in Danone Clover verkoop of van die hand gesit het nie.

Die jaar se wins is grootliks vergroot deur die wins by die dekonsolidasie van Danone Clover. As hierdie wins geïgnoreer word, is die resultate, alhoewel teleurstellend, tog verstaanbaar gesien die heersende handelstoestande, die toestand van die internasionale suiwelmarkte en die globale finansiële situasie. Teen die einde van die jaar is handelsresultate verder negatief beïnvloed deur die rasionalisasiekoste wat geassosieer word met die konsolidasie van ons twee kaasverwerkingsfasiliteite in een perseel te Lichtenburg en die hangende verskuiwing van die Boksburg-distribusiefasiliteit na Clayville.

Clover Beverages het in die omstandighede uitstekend presteer en voordeel getrek uit die toename in vrugtesapvolumes wat hy verkry het by die onttrekking van die markleier aan die mark in sekere streke.

Krediet kom die bestuur toe, aangesien hulle daarin geslaag het om die situasie in baie moeilike omstandighede onder beheer te hou.

Melkproduksie

Nasionale melkinname het gedurende die lente en vroeë somer van 2008 dramaties toegeneem. Ongelukkig het dit 'n skerp afname in verkooppryse tot gevolg gehad, wat saamgeval het met 'n vermindering in die vraag na sekere produkte as gevolg van die ekonomiese toestande in die land. Internasionaal het die vraag na suiwelprodukte ook skerp afgeneem en dit het onvermydelik gelei tot verlaagde plaashekpryse, sowel plaaslik as internasionaal. Tesame met hoë insetkoste en ernstige droogtetoestande in die Oos-Kaap het dit gelei tot 'n afname in melkproduksie wat waarskynlik nie op die kort termyn gaan herstel nie, veral gegewe die groot aantal koeie en verse wat geslag is. Daar word verwag dat die melkvloei vir die komende jaar aansienlik laer sal wees as die vorige jaar, maar met die onsekerheid wat in die mark heers en die gebrek aan akkurate bedryfsdata is dit moeilik om 'n oorskot of tekort in die komende maande te voorspel. Ondanks die moeilikhede waarmee suiwelboere plaaslik te kampe het, is dit duidelik dat hulle waarskynlik beter gevaar het as boere in lande met groter afhanklikheid van internasionale suiwelmarkte. Dit is bemoedigend om te sien dat daar die afgelope dae aanduidings is van 'n herstel, hoewel vanaf 'n baie lae basis, en indien hierdie neiging voortduur, sal dit 'n positiewe uitwerking hê.

Die reëls met betrekking tot die Leweringsooreenkomsstelsel is omvattend hersien vir die 2009/10-jaar met die doel om die melkvoorraad meer doeltreffend te bestuur. Dit sal meebring dat produsente meer akkuraat sal moet voorspel, maar die uitkoms behoort groter doeltreffendheid en voordele vir alle partye in te hou.

Herkapitalisering en herstrukturering

By die November 2008-Direksievergadering is 'n raamwerk vir moontlike herstrukturering deur die Uitvoerende Hoof voorgelê en in beginsel eenparig deur die Direksie van CIL aanvaar. Die huidige ekonomiese klimaat het opnuut die aandag gevestig op die behoefte aan dringende stappe om Clover te herkapitaliseer, en die Direksie en Bestuur is in die

besonder daarop gefokus om 'n oplossing te vind binne die beperkings wat deur die meerderheidsaandeelhouer gestel en in die Maatskappy se statute vervat is.

Korporatiewe Bestuur

Die Direksie beskou sy sleutelfunksies as:

- Die bewaarders van strategie
- Die monitors van risiko
- Die bewaarders van bestuursuitnemendheid
- Die toesighouers oor die prestasie van die Maatskappy.

Ek verwys belanghebbers na die gedetailleerde Verslag oor Korporatiewe Beheer wat in hierdie jaarverslag vervat is.

Sosiale verantwoordelikheid

Dit word uitvoerig in die Volhoubaarheidsoorsig gedek.

Raad op Mededinging

Soos voorheen meegedeel, het die Raad op Mededinging sekere klagtes teen sewe suiwelverwerkers, Clover ingesluit, na die Mededingingstribunaal verwys vir beslissing. Een verwerker, Lancewood (Edms) Bpk, het 'n skikking met die Raad bereik.

Clover se besware met betrekking tot die laat verwysing van die klagtes, die duplisering van klagtes en prosesregtelike onregverdigheid is deur die howe afgewys. Gegrond op besware van Woodlands Dairy (Edms) Bpk en Milkwood Dairy (Edms) Bpk het die Tribunaal sedertdien bepaal dat daar sekere onreëlmatighede was in die dagvaardings wat in 2005 deur die Raad uitgereik is. Die Raad het hierdie uitspraak na die Mededingingsappèlhof verwys en die twee maatskappye het teenappèl aangeteken vir verdere verligting. Uitspraak is op 28 Augustus 2009 gelewer.

Die Mededingingsappèlhof het beslis dat die dagvaarding met betrekking tot Woodlands nietig verklaar word en dat die Raad alle dokumentasie wat in die geding van Woodlands verkry is, ook tydens ondervraging van die twee Woodlands-getuies, terugbesorg moet word.

Aangesien die dagvaarding wat gedurende Maart 2005 aan Clover beteken is soortgelyk aan die Woodlands-dagvaarding bewoord is, het Clover die Raad reeds in kennis gestel dat hy van voorneme is om soortgelyke besware teen die Clover-dagvaarding aanhangig te maak.

Die korrekte interpretasie en toepassing van die Mededingingsappèlhof se uitspraak sal bepaal of en hoe die klagtes, of sommige van hulle, verhoor sal word. Die onderskeie regspanne oorweeg tans die impak van die uitspraak op die verwysing wat aan die einde van 2006 aan die Mededingingstribunaal gemaak is.

Indien die klagtes, of sommige klagtes, wel verhoor word, sal Clover homself verweer en hom beroep op die internasionale ekonomiese deskundiges wat hy betrek het om 'n onafhanklike opinie uit te spreek oor of onmededingende optrede bepaal is al dan nie.

Op hierdie tydstip is nie moontlik om te voorspel of die klagtes verhoor sal word, wanneer dit sal gebeur of wat die moontlike uitkoms sal wees nie.

Intussen het Clover 'n aansoek om aanwysing van die suiwelbedryf by die Minister van Handel en Nywerheid (DHN) ingedien. Die aansoek om aanwysing word gedoen ingevolge Artikel 10(3)(b)(iv) van die Wet op Mededinging 89 van 1988 ("die Wet"), wat bepaal dat 'n bedryf vrygestel mag word van die bepalings van die Wet indien die Minister van Handel en Nywerheid, in oorleg met die Minister verantwoordelik vir daardie betrokke bedryf, sodanige aanwysing toestaan om die ekonomiese stabiliteit van so 'n bedryf te verseker.

Clover redeneer dat die stabiliteit van die suiwelbedryf bedreig word weens die intrinsieke onstabiliteit van suiwelinkomstes, die groter gemak waarmee boere die bedryf verlaat en onregverdige mededinging van gesubsidieerde invoere.

Die versoek is dat die suiwelbedryf vir 'n tydperk van vyf jaar vrygestel word van sekere bepalings van die Wet om tyd toe te laat vir die insameling en verspreiding van data en besprekings tussen die tersaaklike firmas en rolspelers om reëls vir die toekoms te bepaal en die aanstelling van 'n private reguleerder vir die suiwelbedryf te oorweeg.

Die DHN het aangedui dat Clover gedurende September 2009 'n vorderingsverslag oor die proses behoort te ontvang.

Bedankings

Die oorsigjaar was besonder moeilik. Die wêreldwye ekonomiese krisis en die resessie, sowel internasionaal as binnelands, het ongelukkig saamgeval met 'n nasionale en internasionale melkoorskot, wat handelstoestande besonder uitdagend gemaak het. Die bestuur, onder voortreflike leiding van mnr Johann Vorster, het in hierdie moeilike omstandighede uitgeblink, die storm getrotseer en Clover op 'n vaste voet gehou. Namens die Direksie wil ek Johann en sy span graag bedank vir hul uitmuntende pogings.

Mnr Andre van der Veen het gedurende die jaar uit die CIL Direksie bedank. As 'n genomineerde van Hosken Consolidated Investments is hy vervang deur mnr John Copelyn, voorheen 'n Alternatiewe Direkteur. Andre se bydrae tot sowel die Finansiële Oorsig- en Risikokomitee as die Vergoedingskomitee word hoog op prys gestel en ek wil graag my opregte dank aan hom oordra.

Aan die Direksie, en veral aan die Onafhanklike Direkteure, baie dankie vir julle ondersteuning en bydraes gedurende die jaar, dit word hoog op prys gestel.



JAH Bredin
Voorsitter

EVREDI
LEND
MAAK HIER OOP
SERVING

Oosig en marktoestande

Clover is nie die strawwe ekonomiese toestande van die afgelope 18 maande gespaar nie en laer volumes, hoër insetkoste en trae realisasies was aan die orde van die dag. Die swak finansiële resultate wat hieronder saamgevat word, getuig hoe moeilik die handelstoestande werklik was. As dit nie vir Clover se sterk handelsmerk en sy hoogs winsgewende subhandelsmerke was nie, sou die resultate selfs swakker gewees het. Die kategorieë wat die swaarste getref is, was die kommoditeitstipe produkte en veral generiese poeier, massakaas en ultrahoëtemperatuur (UHT) melk. Die laer groei van suiwel in die algemeen asook die hoë melkvloei in 2008 het voorraadvlakke in die land laat styg, en vooruitsigte om enige oorskotmelk uit te voer, het feitlik verdwyn weens besonder lae internasionale suiwelpryse en die internasionale kredietkrisis.

Die groot verwerkers het hierdie oorskotmelk in kaas en ander langlewe-suiwelprodukte omgesit. Kleiner verwerkers sonder die vermoë om langleweprodukte te vervaardig of kaas te berg, moes hul surplusmelk op die plaaslike mark verkoop, wat tot afwaartse druk op varsmelkprodukte en massakaas gelei het. Die groot verwerkers se vermoë om hul oorskot langleweprodukte op internasionale markte te verkoop, is ook ernstig ingekort deur die ekonomiese krisis, 'n internasionale melksurplus en mededinging van gesubsidieerde suiwelbedrywe in ander lande. Die uitwerking hiervan was uiterste prysverlagings deur die meeste verwerkers in die binnelandse mark om kontantvloei te handhaaf en die opbou van voorrade ten koste van winsmarges te verhoed.

Clover se nuwe besigheidsmodel, wat op winsgewende handelsmerke met lae veranderlikheid fokus, het bewys dat dit buigsaam genoeg is om byna enige storm te trotseer. Drastiese optrede was egter gedurende die tweede kwartaal van 2008 nodig en die gevolg van die gladde implementering van hierdie aksies blyk uit die resultate vir die tweede helfte van 2008/9. Nie alleen het winsgewendheid verbeter nie, maar voorraadvlakke is verlaag en kontantvloei verhoog. Clover se vermoë om op 'n ordelike en volhoubare wyse by veranderende ekonomiese toestande aan te pas, verdien vermelding. 'n Sekere ritme is nou by alle funksies in die onderneming gevestig, hoofsaaklik danksy die "gerigtheidstrategie" wat die afgelope 3 jaar gevolg word.

Interne bedrywighede

Enorme energie is bestee om die gerigtheid van alle interne bedrywighede binne Clover te verseker. As deel van hierdie strategie het Clover afstand gedoen van talle onwinsgewende en kommoditeitstipe produkte. Die gevolg was dat die handelsmerk-deel van die onderneming bevredigende groei getoon het.

Herkapitalisering

Ondanks talle pogings om die Groep te herkapitaliseer, is geen oplossing nog gevind nie. Die ingewikkelde tweeledige aandelestruktuur en die effek van beheer deur die produsente-aandeelhouers maak dit besonder moeilik. Die behoefte aan nuwe kapitaal het nie afgeneem nie en slegs beperkte groei is moontlik indien 'n oplossing nie gevind word nie. Die historiese resultate toon dat die hoë skuldvlakke die Groep kwesbaar maak in swak ekonomiese toestande en tye van melksurplus, met finansieringskoste wat 'n ongekende vlak van R175,5 miljoen bereik het. Nóg die bedryfsmarge, nóg die opbrengs op aandeelhouersekwiteit is aantreklik genoeg vir nuwe beleggers. Gegewe die huidige kapitaalstruktuur is albei egter na aan optimaal. Die onderkapitalisering word ook in die huidige aandeleprys weerspieël. Met bykomende kapitaal kan hierdie situasie maklik aansienlik verbeter. Die suiwelsegment sou veral voordeel trek indien enige nuwe kapitaal ingebring sou word.

Die Direksie het die Bestuur 'n nuwe mandaat gegee om herkapitalisering veel wyer as voorheen te ondersoek. Die Direksie meen dat indien die huidige aandeelhouers nie oor die vermoë beskik om die Groep te herkapitaliseer nie, dit ander aandeelhouers met die belangstelling en vermoë moet toelaat om in die Groep te belê.

Finansiële resultate

Ingesluit in die wins vir die jaar is 'n wins van R637,5 miljoen (R599,5 miljoen na belasting) by die dekonsolidasie van Danone Clover wat proporsioneel tot op 31 Mei 2009 gekonsolideer is. Vanaf 1 Junie 2009 is hierdie belegging op die ekwiteitsbasis te boek gestel, wat 'n eenmalige wins tot gevolg gehad het, aangesien die belegging opwaarts aangepas is tot billike waarde in terme van die gewysidge IAS 31. Volledige verduidelikings van hierdie wins word in die Direkteurs- en Finansiële verslae uiteengesit. Die Groep se bedryfsresultate is ernstig beïnvloed deur die nasionale melksurplus, uitsonderlike hoë koste en rentekoersverhogings, veral gedurende die eerste helfte van die jaar, en deur die internasionale daling in suiwelkommoditeitspryse.

Inkomste het met 9,2% toegeneem tot R6,3 miljard, hoofsaaklik as gevolg van 'n verbeterde produkmengsel en hoër verkooppryse, om die ongekende kostestygings te verhaal wat die Groep gedurende die jaar beleef het. Groepverkoopvolumes was effens laer as verlede jaar. Die suiwelbesigheid het sy blootstelling aan die massakaasmark gedurende die jaar strategies verminder. Sover moontlik het Clover deelname aan die drastiese bedryfswye verkoopprysverlagings wat deur die melkoorskot veroorsaak is, vermy. Dit het onvermydelik negatief ingewerk op suiwelvolumes, maar terselfdertyd redelike bedryfsmarges in besonder veeleisende handelstoestande verseker. Groei in waardetoegevoegde suiwelprodukte is ook deur die swak ekonomie belemmer. Nie-alkoholiese drankvolumes het egter baie bevredigend gegroei ten spyte van die swak ekonomiese toestande.

Indien die wins by die dekonsolidasie van Danone Clover uitgesluit word, het die bedryfswins het met 60,0% afgeneem tot R118,9 miljoen en die bedryfswinsmarge op omset het van 5,4% tot 2,0% gedaal. Die verminderde winsgewendheid kan toegeskryf word aan Clover se onvermoë om verkooppryse in 'n oorskotmelksituasie voldoende te vermeerder om die aansienlike styging in insetkoste te dek, soos hierbo verduidelik. Die suiwelbesigheid is siklies en melktekorte en -oorskotte is 'n werklikheid. Gedurende oorskottye en waar geen staatsingryping voorkom nie, ly winsgewendheid in die hele suiwel-waardeketting onvermydelik, en Clover is geen uitsondering nie. Suiwelmaatskappye plaaslik en internasionaal het skouspelagtige dalings in verdienste gerapporteer in die nadraai van die internasionale en plaaslike oorskotte. Internasionaal het regerings ingegryp om die druk op hul suiwelbedrywe te help verlig, maar in Suid-Afrika geniet die bedryf baie min beskerming of bystand van die regering.

Die Groep het 'n netto wins na belasting van R538,9 miljoen aangeteken, R413,3 miljoen of 329,7% meer as die vorige jaar. Netto wins is nadelig beïnvloed deur 'n toename van R38,0 miljoen in finansieringskoste. Toenames in voorraadvlakke weens die melkoorskot het gelei tot hoër gemiddelde skuldvlakke gedurende die jaar, en tesame met die hoë rentekoerse het dit 'n 27,7% toename in finansieringskoste meegebring. Die verlaagde nasionale melkproduksie gedurende die laaste kwartaal en wanhopige verminderings van voorraad deur sommige van ons vernaamste mededingers gedurende die derde kwartaal het Clover se voorrade en skuld teen die einde van die jaar besonder positief laat daal tot vlakke laer as voor die melksurplus.

UITVOERENDE HOOF SE VERSLAG

Vooruitsigte

Clover se vermoë om gesonde finansiële resultate vir die volgende jaar te lewer, gegewe die onderkapitalisering van die besigheid, hang af van die uitvoering van die strategiese temas, naamlik:

- Bemarkingsherfokus en -gerigtheid
- Verkoops- en distribusiedoeltreffendheid en verlaging van roete-na-markkoste
- Voorsieningsketting-herbelyning, wat uitbreiding van vennootskaps-betrokkenheid insluit
- Melkwinningsaanpassing by die nuwe besigheidsmodel
- Samesmeltings en verkrygings, wat uitbreiding in Afrika insluit.

Hoewel verkooppryse in verhouding tot insetkoste genormaliseer het, kan die komende seisoensoorskot dit steeds sterk beïnvloed. Maatreëls om koste te besnoei, duur voort, maar met voedselpryse en voedselsekerheid in die kollig, het Clover besef dat hy aggressief moet poog om voedsel nie alleen meer bekostigbaar te maak nie, maar ook meer vryelik beskikbaar, wat baie goed by sy visie inpas. 'n Aantal inisiatiewe word tans ondersoek wat 'n impak op die huidige besigheidsmodel sal hê. Die erns van die werksverliese in Suid-Afrika oor die afgelope paar maande het ook nog nie na die ekonomie en suiwelverbruik deurgesyfer nie. Clover hoop egter dat die voortgesette besteding aan infrastruktuur deur die regering en die 2010 Wêreldbeker die vraag na sy produkte sal ondersteun. Die grootste uitdaging en geleentheid bly egter steeds om kapasiteits-beperkings te oorkom en doeltreffend-hede verder te verbeter.

Dividende

Tensy die Direksie anders besluit, volg die Maatskappy 'n dividend-beleid van 25% van toeskryfbare Groepwinste Besonderhede van dividende gedurende die jaar verklaar en betaal is in die Direkteurs-verslag

vervat. Die nabelaste wins van R599,5 miljoen met die dekonsolidasie van Danone Clover is deur die Direksie na die reserwes oorgeplaas, aangesien dit nie 'n kontantwins verteenwoordig nie. Geen dividend sal dienooreenkomstig op hierdie bedrag betaal word nie.

Gesamentlike ondernemings

Danone Clover (Edms) Bpk

Soos in die Direkteurs-verslag bespreek, het die Direksie besluit om die Groep se belang in Danone Clover as 'n geassosieerde maatskappy met ingang van 1 Junie 2009 in rekening te bring. Gedurende die jaar is die Maatskappy deur die aandeelhouers geherkapitaliseer. Dit het 'n kontantinspuiting van R181 miljoen deur Groupe Danone gedurende Junie 2009 en die oordrag van die vervaardigings- en distribusieaanleg in Boksburg van Clover S.A. na Danone Clover ingesluit. Al die opskortende voorwaardes van die ooreenkoms is gedurende Mei 2009 nagekom.

Clover Fonterra Ingredients

Weens die algemene afswaai in die internasionale suiwelmarkte het CFI laer as die oorspronklike verwagting presteer, maar daar word voorsien dat dit sal herstel sodra die internasionale suiwelmarkte stabiliseer.

Afrika

Die vestiging van 'n afsonderlike Afrika-afdeling begin vrugte afwerp. 'n Reuse poging word aangewend om 'n teenwoordigheid in Afrika te vestig. Clover het 'n unieke vennootskapsmodel geïdentifiseer wat na sy mening positiewe resultate met beperkte kapitaalbesteding sal bereik. Na die jaareinde het Clover Zambië sy eerste produkte in die mark bekendgestel, wat alle aanvanklike verwagtinge oortref het. Verdere suksesse word in die komende jaar in Afrika verwag.

Top-handelsmerk

Clover se posisie as een van die land se toonaangewende handelsmerke is in die 2009 Sunday Times Top Brands Survey herbevestig, waar die Maatskappy en sy produkte prominent in verskeie kategorieë vertoon het.

Clover was algeheel vyfde in die afdeling "gunsteling-handelsmerk". Tropika en Clover-sapprodukte is onderskeidelik as die land se tweede en derde gewildste saphandelsmerke aangewys. Die Maatskappy se prestasies in die maatskaplike arena is ook erken. Clover was in die top 10 vir maatskappye wat die meeste doen om die gemeenskap op te hef, en 12de vir maatskappye wat die meeste doen om "groen" te bevorder.

Waardering

Clover wil graag almal bedank wat so hard gewerk het om dit van 'n gereguleerde koöperasie in 'n Maatskappy met gesonde winsteikens om te skakel. Dit het nie net harde werk geverg nie, maar was boonop emosioneel veeleisend. Dit het egter nie sonder opofferings gebeur nie, en hier verdien Clover se lojale produsentebasis groot dank. Nie al die besluite was gewild nie, maar daar was geweldige begrip.

Jan Kotze, Uitvoerend: Kommersieel, het op 30 Junie 2009 na 40 jaar in die suiwelbedryf uitgetree. Sy verbondenheid en bydrae tot Clover was ongeëwenaard en ons wil hom graag opreg bedank vir sy diens. Ons heet ook graag vir dr Jimmy Botes, die nuwe Uitvoerende lid: Verkope en Distribusie, welkom in die Uitvoerende Komitee en wens hom alle voorspoed toe met sy nuwe verantwoordelikhede.

Ek wil graag my waardering aan ons werknemers uitspreek vir hul verbintenis tot die verwesenliking van Clover se drome. Aan ons produsente, 'n opregte dankie vir julle ondersteuning. My waardering gaan ook aan die Direksie en in die besonder aan ons Voorsitter, mnr John Bredin, vir al die ondersteuning gedurende 'n besonder uitdagende jaar. Ten slotte, aan my span, julle toewyding aan die Clover-handelsmerk is sonder gelyke. Dit word grootliks waardeer.

Johann Vorster
Uitvoerende Hoof

Clover doen verslag oor geïntegreerde volhoubaarheid omdat hy goeie beheer en etiese sakepraktyke nastreef, nie alleen ten opsigte van sy geldsake nie, maar ook wat sosiale en omgewingsaangeleenthede betref. Clover aanvaar dat hy verplig is om in die beste langtermynbelang van al sy belanghebbers op te tree en om nie wins ten koste van die gemeenskap of omgewing te maak nie.

Na die 2008-oorsig van volhoubaarheidsaspekte in en om die Groep, lui die 2009-oorsig 'n beduidende verbetering in die verslagdoening oor volhoubaarheidsaspekte in die Groep in. Die nuut gestigte Volhoubaarheidskomitee, bestaande uit mnre TA Wixley, DK Smith, WI Büchner, E Mphande en dr JC Hendriks, sal baie bydra om te sorg dat die aandag deurlopend op hierdie sake, en spesifiek die rapportering daarvan, gevestig bly. Vanjaar was die fokus daarop om te sorg dat wat reeds in die Groep gedoen word, behoorlik aangeteken en gerapporteer word, aangesien dit vir die Groep duidelik geword het dat die belanghebbers gevoelig is vir aangeleenthede wat die gemeenskap en die omgewing raak. Hierdie sake werk op hul beurt in op volhoubaarheid.

1. **Gehalte-voedselprodukte**
   Om 'n deurlopende voorraad veilige, topgehalte-produkte te verseker, voldoen Clover aan internasionale standaarde en beskik die Maatskappy oor ISO 9001-akkreditering vir gehaltebestuur en HACCP 10330-akkreditering vir voedselveiligheid. Verskeie moniteringsprogramme dra by om voedselveiligheid en die gehalte van produkte te verseker, onder meer 'n patogeenmoniteringsprogram om higiënestandaarde te monitor. Gehaltebeheer word deur 11 laboratoriums op takvlak en een sentrale laboratorium toegepas. 87 werknemers is by die onderskeie laboratoriums in diens. 'n Totaal van byna 200 Clover-werknemers verseker en beheer produkgehalte. Clover verskaf interne opleiding aan chemiese en mikrobiologiese laboratoriumtegnici. Sedert Desember 2008 monitor Clover melk vir melamien, bo en behalwe meganismes om die afwesigheid van antibiotika en ander residue te verseker.

2. **Betrekking van belanghebbers**
   Om 'n deursigtige dialoog tussen die Groep en interne en eksterne belanghebbers oor die Groep se bedrywighede en die gevolge van hierdie bedrywighede te verseker, streef die Groep die aktiewe betrekking van alle belanghebbers na, met inbegrip van alle werknemers in alle afdelings. Hierdie betrekking vind plaas in die gees van "ubuntu".

   Die lys belanghebbers, en die Groep se wisselwerking met hulle, word gereeld hersien om te verseker dat alle belanghebbers geïdentifiseer word en dat alle relevante sake op gepaste wyse aangespreek word.

   Die vernaamste geïdentifiseerde belanghebbers sluit in:

   Aandeelhouers
   Die Maatskappy se gewone aandele word deur sy melkprodusente (verskaffers) en Swartbemagtigingsvennoot, HCI, besit. Die voorkeur-aandele, wat oor die toonbank verhandel word, word deur HCI, melkprodusente, lede van die publiek, korporatiewe beleggers en werknemers van die Groep besit, met inbegrip van lede van die Uitvoerende Komitee.

   Werknemers
   Deur behoorlike stelsels en prosedures verseker die Groep dat oop, regstreekse en eerlike kommunikasie tussen Bestuur en alle werknemers deur die organisasie voorkom. Spesifieke klem word op geestelike en liggaamlike werknemergesondheid gelê. Deur positiewe, aktiewe en gereelde kommunikasie met die vakbonde is 'n beduidende vlak van vertroue en openhartigheid gevestig.

   Verskaffers
   Soos die uitstekende verhouding met ons melkprodusente oor 'n tydperk van 112 jaar aandui, is die produsente kritiek vir die lewering van 'n volhoubare voorraad rou melk aan die Groep. Clover se Afdeling Melkwinning is in voortdurende kommunikasie met alle melkprodusente om te verseker dat die verhouding met hierdie belanghebbers op 'n stewige en gesonde voet bly, gegrond op billike en redelike handelsvoorwaardes. Clover se Beste Boerderypraktyke-inisiatief word aan die einde van hierdie oorsig bespreek.

   Sakevennote
   Clover is trots op sy sterk en oop verhoudings met die verskaffers van alle ander goedere en dienste aan die Groep, wat onder meer die verskaffers van grondstowwe en verpakkingsmateriaal, banke, ouditeure, regslui en ander kontrakteurs insluit. Al hierdie entiteite word beskou en die verhoudings met hulle bestuur asof hulle "vennote" van die Groep is. Deur voorkeurverkryging konsentreer Clover ook op maatskaplike en omgewingsaangeleenthede in die voorsieningsketting. Ongeveer 55% van nie-melkverkryging betrek verskaffers wat in meerdere of mindere mate Swartbemagtigingstatus geniet.

   Kliënte
   Om sy gehalteprodukte aan verbruikers te lewer, maak Clover staat op verskeie klein- en groothandelsondernemings, agente en verspreiders. Deur sterk en eerlike verhoudings poog die Groep om te verseker dat kommersieel regverdige en redelike voorwaardes deur die hele voorsieningsketting geld om te sorg dat die produkte die verbruiker in 'n goeie toestand en teen billike pryse in 'n oop mark bereik.

   Die Groep het kennis geneem van die Raad op Mededinging se voorneme om die supermarkbedryf en die belangrike groot- en kleinhandelsgroepe te ondersoek. Indien hy versoek word om dit te doen, sal Clover ten volle met die owerhede in so 'n ondersoek saamwerk. Ek spreek die Raad op Mededinging se verwysing van klagtes teen Clover in my Voorsittersverslag aan.

   Verbruikers
   Om sy oogmerk van finansiële sukses te bereik, is die Groep se verhouding met die verbruiker sentraal. Deur op sy sterk handelsmerke staat te maak, streef die Groep daarna om alle verbruikers met sy gehalteprodukte te bereik. Met omvattende gehaltebeheer, voedselveiligheidsmaatreëls, navorsing en ontwikkeling asook voortdurende markkommunikasie sorg die Groep dat 'n mandjie smaaklike, gesonde en veilige produkte oral in groot dele van die land beskikbaar is.

   Etiese optrede teenoor die verbruiker en verantwoordelike bemarking en reklame is deurslaggewend vir Clover se langtermynontwikkeling en -groei.

   Media
   Clover beskou die media as 'n doeltreffende kanaal om met eksterne belanghebbers te kommunikeer en streef na oop, eerlike en doeltreffende kommunikasie met die media. Ons lewer gereeld kommentaar op faktore en ontwikkelings wat die Groep se

sakebedrywighede raak, omdat ons glo dat die publiek 'n gebalanseerde oordeel oor ons bedryf moet hê. Wanneer die media dit versoek, lewer ons kommentaar oor die vordering van die klagte teen Clover voor die Raad op Mededinging. Die Clover-webwerf word ook gebruik om buite die Groep te kommunikeer.

Staat en beheerliggame

Clover is ten volle verbind tot die versekering van volle en behoorlike nakoming van alle wette en statutêre vereistes. Met hierdie doel is Clover se beleid om met die betrokke staatsdepartemente en beheerliggame te kommunikeer om te verseker dat die Groep se besighede bekwaam en doeltreffend bestuur word, om die owerhede te betrek waar toepaslik, en om die negatiewe implikasies van nie-voldoening, waargenome nie-voldoening en vermybare navrae tot die minimum te beperk. Soos in my Voorsittersverslag genoem, het Clover die Departemente van Handel en Nywerheid en Landbou genader met 'n aansoek om aanwysing ingevolge die Wet op Mededinging. Ooreenkomstig statutêre vereistes word proaktiewe stappe gedoen om toereikende opleiding vir alle relevante werknemers te verseker.

3. **Maatskaplike verantwoordelikheid**

Tot op datum het elke aspek van die Clover Mama Afrika-inisiatief alle verwagtinge oortref, en elke sukses getuig van die harde werk, toewyding en ontsaglike trots van almal wat betrokke is.

Clover Mama Afrika – Ukwakha Isizwe (bou en koester ons nasie) is in 2004 deur Clover begin as 'n nasionale maatskaplike opheffingsprojek wat minderbevoorregte gemeenskappe bystaan deur individue te bemagtig en in staat te stel om hulself en diegene rondom hulle te help. Die projek het een van die Maatskappy se grootste suksesverhale geword.

Alphonse de Lamartine (Franse skrywer, digter en politikus) het eenkeer gesê: "Daar is 'n vrou aan die begin van alle groot dinge," en dit is ongetwyfeld waar van Clover Mama Afrika. Die projek se hoofbetrokkenheid is by vroue wat na mishandelde, hawelose en kwesbare kinders of weeskinders, asook bejaardes omsien. Om geskikte kandidate te vind vir Clover om te ondersteun, het verbasend eenvoudig geblyk. Aan die einde van Junie 2009 het ons 31 merkwaardige Mamas in 31 geografiese streke in al nege provinsies ondersteun, wat gesamentlik na meer as 10 500 kinders en 2 500 bejaardes omsien.

Clover Mama Afrika het 'n positiewe reaksie uitgelok van byna elke party wat by die program betrokke is. Talle maatskappye en organisasies is by die skema gekoöpteer en talle het hul dienste vrywillig aangebied. 'n Menigte toekennings en akkolades is reeds ontvang, maar die belangrikste is dat veel meer lewens positief geraak is en dat baie mense se toekomste ten goede verander het.

Hosken Consolidated Investment Foundation (HCI), Clover se SEB-vennoot, het ruimskoots fondse en ondersteuning tot die projek bygedra. Die wedersydse passie wat Clover en HCI vir maatskaplike opheffings-programme in Suid-Afrika deel, maak dit 'n ideale vennootskap. Die HCI-stigting verleen tans ondersteuning aan Mamas in Alexandra, Alexandria, Ikageng, Mdantsane, Phiritona, Seshego en Ubombo.

Die sukses van Clover Mama Afrika is te danke aan die onbaatsugtige werk van al die betrokkenes: die Mamas self, takbestuurders, vennote

en alle ander sleutel-rolspelers. Nou reeds diep in sy vyfde jaar, het die Clover Mama Afrika-projek 'n nuwe standaard gestel vir die suksesvolle bestuur van 'n korporatiewe maatskaplike belegging.

Volhoubare sukses

Sedert die ontstaan van Clover Mama Afrika tot Junie 2008 is 'n totaal van 987 individue met volhoubare vaardighede toegerus. Hierdie individue het op hulle beurt hul kennis en vernuf aan talle ontvangers in hul eie gemeenskappe oorgedra. Vaardigheidsopleiding en -ontwikkeling sal voortgaan om die agtergrond tot al Clover Mama Afrika se bemagtigingsprojekte te verskaf.

Die opleidingsprogramme waarby die Mamas die meeste baat vind, is:

- Naaldwerk – Die gemiddelde maandelikse inkomste per sentrum is ongeveer R2 500, met sommige sentrums wat werk vir vele skep en 'n inkomste van tot R17 000 per maand genereer.
- Broodbakprojek – Die Siyabonga Bread Oven is 'n mini-bakkeryprojek waarmee die sentrums nie alleen geld spaar omdat hulle self bak nie, maar dit bied ook werkgeleenthede en 'n gereelde inkomste aan talle werkloses.
- Organiese groentetuine – Niks is natuurliker as om jou eie groente te kweek nie, en die Clover Mamas trek voordeel uit hierdie vaardigheid. Gesamentlik geniet meer as 4 000 lede daagliks hul eie vars groente en talle sentrums verkoop ook hul produkte aan die plaaslike gemeenskappe.
- Kook en bak – Hierdie vaardigheid het reeds talle kleinskaal-spysieniersdienste die lig laat sien, van die verskaffing van maaltye by taxi-staanplekke tot bystand tydens groot plaaslike funksies soos ope dae, huweliksonthale, ensovoorts.

Clover Mama Afrika finansiële ontleding

Die fondse wat deur Clover Mama Afrika ontvang is, is in die volgende verhoudings versprei vir die tydperk Maart 2008 tot Februarie 2009:

Projek	Beskrywing	2008-2009 (31 Mamas) %	2007-2008 (26 Mamas) %
Mamas se Onkostes			
Bemagtigings-projekte	Vaardigheidsopleiding en ontwikkeling asook beginnerstelle, toerusting en toebehore vir naald-werk, kook, bak, groentetuine en broodbakprojekte. Waardetoegevoegde werkwinkels en ad hoc-veldtogte: "Was jou hande", trofeë, boek- en speletjiesveldtogte, reklamebewustheid en administrasie/ finansieringsbestuur. Spesiale skenkings.	47	54
Terrein-verbeteringe	Verfwerk, algemene herstelwerk en wasgeriewe, houers en toestelle waar toepaslik.	22	15
Ontvangbare rekeninge	Clover-produkte vir gesondheid en welstand. Koerierkoste: versend-ing van afvalmateriaal, produkte, geskenke, klere, ens.	8	11
Generiese Onkostes			
Kommuni-kasiemiddels	Brosjures, voorleggings, nuus-briewe	11	9
Streeksbesoeke	Projekleier se reis- en verblyfkoste.	4	1
Retensiegeld	Projekfasiliteerder en agentskap.	8	10
Totaal		**100**	**100**

Gedurende die oorsigjaar was daar groter klem op terreinverbeteringe weens die Mamas se behoeftes en die langtermynvoordele van hierdie verbeteringe vir die plaaslike gemeenskappe.

4. Swart Ekonomiese Bemagtiging

Clover beskou Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) oor 'n breë front as 'n geleentheid om ekonomiese aktiwiteit te verhoog en daardeur die volgende te skep:

- 'n Volhoubare bestaan vir soveel van die land se inwoners as moontlik, en
- 'n Groeiende en volhoubare verbruikersmark.

Clover se prestasie ten opsigte van die voorkeurverkryging van melk, wat tans geen SEB-status geniet nie, die aanstelling van vroue op Direksievlak, waar twee swart mans in 'n Direksie van 18 dien maar geen vroue nie, en die indiensneming van swart persone en vroue op senior- en middelbestuursvlak, waar 46 swart persone en 72 vroue uit 'n totaal van 361 tans verteenwoordig is, behoort op die kort tot medium termyn te verbeter aangesien spesifieke aandag en energie op hierdie gebiede gefokus word.

Opleiding en ontwikkeling geniet tans bykomende aandag deur:

- Ontwikkelingsprogramme vir vakleerlinge en hulpvakleerlinge
- Vervaardigingsopleiding
- Leierskapontwikkelingsprogramme.

Clover is steeds verbind tot die SEB-proses soos deur die DHN uiteengesit. Oor die afgelope 3 jaar het die Maatskappy sy telling met elke oudit verbeter. Gedurende die onlangse eksterne oudit (uitgevoer deur SANAS-goedgekeurde Empowerlogic) het Clover 'n Vlak 6-gradering verwerf.

5. Opleiding en ontwikkeling

As 'n hoeksteen van sy SEB-beleid en -program glo Clover dat bekwame, gemotiveerde en ten volle betrokke werknemers sy waardevolste bate is. Doelgerigte opleiding en ontwikkeling van werknemers, aangedryf deur sterk leierskap, is 'n sleutelstrategie om Clover se prestasie en groeidoelwitte te onderskraag, die Maatskappy as 'n voorkeur-werknemer in die bedryf te vestig en sy SEB-doelwitte te bereik.

Die opleidings- en ontwikkelingsmissie fokus eerstens daarop om bevoegdheid te bou wat die doeltreffende uitvoering van bedryfstake sal verseker, en tweedens om kapasiteit in mensebronne te ontwikkel wat volhoubare prestasie en groei sal verseker.

Opleidings- en ontwikkelingsinisiatiewe word deur 'n goed gestruktureerde benadering tot prestasiebestuur ondersteun.

Die vestiging van 'n sterk en volhoubare "leierskap-pyplyn" wat gevul is met talentvolle werknemers met die nodige bekwaamheid en bereidwilligheid om nou en in die toekoms teen volle potensiaal te presteer, is van die allergrootste belang vir Clover se sukses. Die talentbestuursproses maak voorsiening vir die identifisering en snelle ontwikkeling van talentvolle individue om genoegsame sterk leiers te verseker om die onderneming doeltreffend te lei tot die bereiking van sy huidige en toekomsdoelwitte.

Sowel die prestasie- en ontwikkelingsoorsig as die talentbestuurs-proses ondersteun

- Die ontwikkeling van opvolgplanne vir belangrike en sleutelposisies
- Die identifisering, oordrag en ontwikkeling van skaars of kritieke vaardighede om bevoegdhede in sleutelgebiede van die maatskappy te handhaaf
- Die aanstelling van jong professionele gegradueerdes
- Die ontwikkeling van 'n doelgerigte opleidings- en ontwikkelingsplan.

Die afgelope jaar is 4 510 opleidingsgeleenthede aan 3 133 Clover-werknemers verskaf. 78% van hierdie werknemers was uit die Swart, Indiër- en kleurlinggroep afkomstig en 23% was vroue. Daar word op hierdie werknemerkategorieë gefokus omdat Clover die indiensneming van Swart individue en vroue op Direksie-, senior- en middelbestuursvlak aansienlik moet verhoog.

Opleidings- en ontwikkelingsintervensies sluit die volgende in:

Intervensie	Kommentaar
IML inleiding tot bestuursleierskapsprogram	24 werknemers van die junior-talentpoel het die program voltooi wat op die ontwikkeling van bestuursleierskapsvaardighede fokus.
Bestuursontwikkelingsentrums	31 werknemers van die talentpoel woon bestuursontwikkelingsentrums by.
Studiehulpprogram	46 werknemers ontvang tans finansiering om hul kwalifikasies te voltooi (dit sluit MBA, BCom, BSc en nagraadse studies in).
Beursskema	6 voltydse studente ontvang tans finansiële bystand om hul kwalifikasies te voltooi.
Werkplek-ervaringsprogram vir jong gegradueerdes	7 jong gegradueerdes ontvang tans indiensopleiding: • 2 tegniese ingenieurs woon 'n voltydse program van 9 maande by waarin hulle gespesialiseerde afrigting en mentor-leiding ontvang terwyl hulle aan verskillende suiweltegnologie-terreine blootgestel word. By voltooiing van die program sal hulle in verskillende hoedanighede by vervaardigingsafdelings aansluit • 5 jong verkoops- en bemarkings-gegradueerdes doen tans indienservaring in die werkplek op.
Ambagsontwikkeling (programme vir vakleerlinge en hulpvakleerlinge)	• 4 werknemers woon voltyds 'n ambag-vakleerlingprogram van 4 jaar by. • 3 werknemers volg indiensvakleerling-skappe. • 21 hulpvakleerlinge volg evaluasie-programme om potensiaal vir verdere ontwikkeling te bepaal.
Leerlingskappe	88 leerders voltooi tans 'n NQF 2-leerlingskap in vervaardiging.
Volwasse basiese onderwys en opleiding	55 werknemers het programme op VBOO-vlakke 1, 2 en 3 voltooi.
Verkoops-, verspreidings- en pakhuisvaardigheidsprogramme word aangebied om te verseker dat die Groep se spanne in hierdie kategorieë oor die nodige vaardighede beskik om alle mededingers in die bedryf die loef af te steek.	• Sinergie-opleiding vir alle verkoopspanne. • Rakversorgersuitmuntendheidsprogram. • Opknapkursusse vir alle bestuurders en lisensiëring van hulpbestuurders.
Lewensvaardighede-program: Besigheid is Besigheid	377 werknemers het reeds hierdie program, wat 'n insig in basiese sakebeginsels bied, voltooi.

6. Veiligheid, gesondheid en die omgewing

Onder 'n menigte ander aanwysers monitor Clover aktief die volgende aspekte met behulp van die toegewyde Entropy-risikobestuurstelsel en verskeie wigte en teenwigte:

Die strewe na afvalvrye bedrywighede

- Totale afval gegenereer deur bedrywighede wat na opvulterreine landwyd gestuur is
- Totale afval gegenereer deur bedrywighede wat herbenut is
- Totaal van alle afval gegenereer deur bedrywighede wat weer gebruik (herverwerk of herverpak) of deur 'n derde party benut kan word
- Totale afvalproduk gegenereer deur alle bedrywighede wat tot dierevoer verwerk is
- Uitvloei wat deur alle bedrywighede gestort word, wat volume en gehalte aandui.

Verlaging van die Groep se energieverbruik

- Elektrisiteit verbruik
- Brandstof vir stoomopwekking (steenkool, gas, HFO) verbruik
- Brandstof deur motorvoertuie verbruik.

Vermindering van volume water wat vir produkvoorbereiding gebruik word

- Water per kg/liter voltooide produk verbruik.

Voortdurende verbetering van die Groep se bedryfsgesondheids- en veiligheidsprestasie

- Veiligheidsindeks om die Groep se veiligheidsbestuursprestasie te meet
- Voorvalle en beseringsverslae deur die Groep se bedrywighede.

7. Clover se Beste Boerderypraktyke

Clover het sy eie Beste Boerderypraktyke (BBP) vir sy melkprodusente ontwikkel en toegepas, gegrond op riglyne van die Internasionale Suiwelstigting. Aan die einde van Junie 2009 het 100% van Clover se produsente reeds aan die BBP deelgeneem. Ongeveer 89% van die rou melk wat Clover inkoop, voldoen reeds aan hierdie standaarde en prosedures. Nakoming word met 'n oudit bepaal. Die volgende stap is om Clover se BBP-program met die Maatskappy se sakepraktyke te integreer en meer oor die pad vorentoe te leer. Dit is wêreldwyd 'n nuwe navorsingsgebied en Clover is bevoorreg om dit saam met die res van die wêreld se suiwelbedrywe te ontgin.

Klimaatsverandering moet ook fyn dopgehou word, aangesien dit die roumelkbron van die toekoms sal bepaal. Die vervoer van melk oor lang afstande mag 'n probleem word en die ontwikkeling van eie energiehulpbronne soos bio-aanlegte, wind, ensovoorts mag nie vergesog wees nie. Die vier elemente wat dringende aandag op plaasvlak en in Clover se besigheid verdien, is die volgende:

- Die bepaling van die koolstof-voetspoor en die middele om dit te bestuur. Om te sorg dat die omgewing nie besoedel word nie en om te poog om die vrystelling van koolsuurgas, metaan en stikstofoksied te verlaag. Waar prakties moet melkprodusente die beginsels van biodiversiteit oorweeg.
- Die bepaling van watergehalte en versekering dat water nie op enige wyse besoedel word nie. Om te sorg dat water verantwoordelik deur die produksieproses benut word.

- Die uitvoer van energie-oudits en die vind van die middele om energieverbruik meer doeltreffend te bestuur. Om alternatiewe energiebronne te ondersoek en nuwe energiebesparingstrategieë te implementeer.
- Die bestudering van die uitwerking wat klimaatsverandering op produsente en op Clover as 'n onderneming kan hê en proaktiewe optrede om dit te bekamp. Klimaatsverandering, die beskikbaarheid en koste van energie, en voedsel- en voerkoste kan 'n reuse-impak op die toekomstige roumelkbron en die plasing van nuwe fabrieke en ander fasiliteite uitoefen.

8. Aanwyser van volhoubare ontwikkeling

Oorsig, aanwyser van Volhoubare Ontwikkeling	2006	2007	2008	2009
Inkomste (R'000)	4 090 700	4 482 200	5 497 200	6 013 750
Bedryfswins (R'000)	242 185	*357 025	297 227	**756 431
Werknemers	6 537	6 776	6 662	6 579
Totale besteding aan opleiding (R'000)	2 966	6 644	7 861	7 017
Opleidingsbesteding per werknemer (R)	450	980	1 180	1 066

* Sluit R111 miljoen wins uit verkoop van die UltraMel Vla-besigheid in.
** Sluit R637,5 miljoen wins (R599,5 miljoen na belasting) by dekonsolidasie van Danone Clover in.

9. Die toekoms

Die Groep is verbind tot voortdurende verbetering van volhoubaarheidsaspekte, en in die besonder die aantekening en rapportering van wat reeds in die Groep gedoen word.

Die Komitee het kennis geneem van die volgende toekenings wat Clover onlangs ontvang het, naamlik

- Vyfde plek in die totale handelsmerk-kategorie vir Suid-Afrika
- In die vrugtegebaseerde drankieskategorie beklee Tropika die tweede plek en Clover Vrugtesappe die derde plek
- Negende plek in die kategorie vir die maatskappy wat die meeste doen om die gemeenskap op te hef
- In die kategorie vir Suid-Afrikaanse handelsmerke wat die meeste gedoen het om "groen" te bevorder, het Clover die twaalfde plek behaal.

Ek is bemoedig deur die inhoud van hierdie oorsig en ek is vol vertroue dat die Groep van krag tot krag sal gaan.



TA Wixley
Voorsitter: Volhoubaarheidskomitee

Inleiding
Die Clover Industries Groep is verbind tot die beginsels van deursigtigheid, regverdigheid, integriteit en toerekenbaarheid in sy sakebedrywighede met al sy belanghebbers en ondersteun die Kode van Korporatiewe Praktyk en Gedrag soos aanbeveel deur die King II-verslag insake Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika. Die groep het 'n A-g Korporatiewe Beheergradering van Ratings Afrika ontvang.

Direksie
Die Direksie sluit twee Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure in wat op grond van hulle sakevernuf en -kundigheid aangewys word. Die Direksie staan onder voorsitterskap van 'n Nie-uitvoerende Direkteur en bestaan uit tien Nie-uitvoerende Direkteure (een vakature) wat Melkprodusente is, drie Nie-uitvoerende Direkteure van die Groep se bemagtigingsvennoot, twee Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure en vier Uitvoerende Direkteure. Besonderhede word op bladsy 148 uiteengesit.

Nuwe aanstellings in die Direksie word op gepaste wyse deur middel van 'n induksieprogram aan die Groep se sakebedrywighede bekendgestel.

Die Direksie vergader gereeld en monitor die prestasie van die Uitvoerende Bestuur. Besonderhede van Direksie- en Komiteebywoning kan aan die einde van hierdie verslag gevind word. Die Direksie en sy Komitees bespreek 'n verskeidenheid sleutelaangeleenthede en verseker dat daar op beleids-, strategie- en prestasie-aangeleenthede gefokus word.

Alle Direkteure van die Groep het toegang tot die advies en dienste van die Sekretaris, wat aan die Direksie verantwoordelik is om te verseker dat prosedures en regulasies nagekom word en dat die Direkteure vertroud is met hulle pligte en verantwoordelikhede. Die besonderhede van die Sekretaris verskyn op bladsy 148. Direkteure is egter geregtig om in toepaslike omstandighede onafhanklike professionele advies oor die sake van die Maatskappy in te win indien hulle van mening is dat dié optrede in die beste belang van die Maatskappy sal wees.

Uitvoerende Komitee
Die Groep se Uitvoerende Komitee bestaan uit die Uitvoerende Direkteure en geselekteerde Uitvoerende Bestuurders van Clover. Die Komitee vergader gereeld om huidige werksaamhede te hersien, risiko's en die bestuur daarvan te identifiseer, strategieë en beleidsvoorstelle vir oorweging deur die Direksie te ontwikkel en om die opdragte en besluite van die Direksie te implementeer. Besonderhede van die Uitvoerende Komitee word op bladsy 148 uiteengesit.

Etiek
Die Direksie het 'n Gedragskode aanvaar. Die Direkteure is volkome verbind tot hierdie beginsels, wat verseker dat die besigheid bestuur word met inagneming van die omstandighede in die handelsmerk-verbruikersproduktebedryf in Suid-Afrika en die maatskaplike, politieke en fisiese omgewing waarin die Groep sake doen.

Finansiële state
Die Direkteure van die Groep is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële state en ander inligting soos uiteengesit in die jaarverslag en die billike aanbieding van die stand en resultate van die werksaamhede van die Groep. Die eksterne ouditeure van die Groep is daarvoor verantwoordelik om 'n onafhanklike ondersoek van die finansiële state uit te voer in ooreenstemming met Standpunte oor Internasionale Ouditstandaarde en 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Die ouditeure se verslag word op bladsy 42 uiteengesit.

Die finansiële state soos uiteengesit op bladsye 38 tot 41 en 43 tot 139 is voorberei in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid, ondersteun deur redelike en omsigtige ramings.

Die Direkteure glo dat die Groep se werksaamhede as lopende saak in die komende jaar sal voortgaan.

Interne beheer
Die Groep beskik oor interne beheermaatreëls en -stelsels om redelike versekering te verskaf oor die betroubaarheid van die finansiële state en om sy bates op 'n gepaste wyse te beskerm en te kontroleer. Hierdie maatreëls is geskoei op gevestigde beleid en prosedures en word toegepas deur opgeleide personeel met skeiding van pligte en verantwoordelikhede.

Die Groep se interne ouditspan word, waar nodig en toepaslik, bygestaan deur KPMG Services (Edms) Bpk, 'n professionele dienstefirma. Die interne ouditfunksie staan onder beheer van die Finansiële Oorsig- en Risikokomitee, wat die omvang bepaal van die werk wat gedoen moet word. Wesenlike bevindinge word aan sowel die Uitvoerende Bestuur as die Finansiële Oorsig- en Risikokomitee gerapporteer. Korrektiewe optrede word onderneem om interne beheertekortkominge wat in die uitvoering van die werk geïdentifiseer word, aan te spreek.

Niks het onder die aandag van die Direkteure gekom wat op enige wesenlike verbreking van die doeltreffendheid van die interne beheermaatreëls en -stelsels gedurende die oorsigjaar dui nie.

Risikobeheer
Die Groep beskik oor omvattende risiko- en verliesbeheerprosedures, gestruktureer met taktiese vlakke van bybetalings wat die Groep in staat stel om mededingende tariewe te bekom, terwyl geskikte herversekering die Groep teen groot verliese beskerm. Afgesien van die Finansiele Oorsig- en Risikokomitee wat op Bestuursvlak gevestig is, staan 'n Bestuursrisikokomitee die Uitvoerende Komitee deurgaans by met risikobestuur in die Groep.

Direksiekomitees
'n Aantal komitees is tot stand gebring om die Direksie in die uitvoering van sy pligte by te staan. Die aard en gesagsomvang van elke komitee word in sy oktrooi en opdrag uiteengesit soos deur die Direksie goedgekeur.

Die Direksie het ook 'n ad hoc-subkomitee aangestel om toesig te hou oor die Groep se optrede en verweer met betrekking tot die klagtes wat die Raad op Mededinging na die Mededingingstribunaal verwys het. Die Groep se regsgeleerdes het regstreekse toegang tot hierdie subkomitee, wat vergader soos en wanneer die omstandighede dit vereis.

Ouditkomitee
Ooreenkomstig Artikel 269A van die 1973 Maatskappyewet bestaan die Clover Groep se Ouditkomitee slegs uit die Groep se twee Nie-uitvoerende Direkteure onder voorsitterskap van mnr DK Smith.

Die Ouditkomitee voer die funksies uit soos voorsien in Artikel 270A van die 1973 Maatskappyewet namens die Maatskappy, Clover Beverages Beperk, Clover S.A. (Edms) Bpk, Clover Fonterra Ingredients (Edms) Bpk and Lactolab (Edms) Bpk.

Die eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die Ouditkomitee en woon die Komitee se vergaderings by.

Aandeelhouers word verwys na die Ouditkomiteeverslag op bladsy 41.

Finansiële Oorsig- en Risikokomitee

Na die afkondiging van die wysigings aan die 1973 Maatskappyewet het die Direksie 'n Finansiële Oorsig- en Risikokomitee aangestel om sekere funksies te verrig wat voor die wysiging van genoemde Wet deur die Ouditkomitee verrig is. Mnr DK Smith, 'n Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur, is die voorsitter van die Komitee en die ander lede is almal Nie-uitvoerende Direkteure. Die funksies van hierdie Komitee is om die Direksie by te staan in die uitvoering van sy verantwoordelikhede deur:

- die doeltreffendheid van interne beheer in die Maatskappy na te gaan met betrekking tot die bevindinge van sowel die interne as eksterne ouditeure
- die finansiële state en tussentydse verslae van die Maatskappy en enige ander openbare kommunikasie van 'n finansiële aard na te gaan en hul goedkeuring by die Direksie aan te beveel
- te verseker dat die Maatskappy die risiko in alle geïdentifiseerde sleutel-risikogebiede verminder
- belangrike rekeningkundige aangeleenthede te oorweeg en die hoof-ouditaanbevelings na te gaan
- te verseker dat die Maatskappy aan alle tersaaklike wetgewing voldoen
- te verseker dat die Maatskappy hou by gesonde beginsels van korporatiewe bestuur en
- beduidende gevalle van bedrog, wangedrag of belangekonflik na te gaan.

Die interne en eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die Finansiële Oorsig- en Risikokomitee. Besonderhede van die Komiteelede word op bladsy 148 uiteengesit.

Vergoedingskomitee

'n Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur is die voorsitter van die Komitee, wat uit Nie-uitvoerende Direkteure bestaan. Die Uitvoerende Hoof en ander Uitvoerende lede woon vergaderings op uitnodiging by, maar neem nie deel wanneer hul eie vergoeding en voordele bespreek word nie.

Die Komitee het die verantwoordelikheid en gesag om onder meer die volgende aangeleenthede te bespreek en aanbevelings aan die Direksie te doen:

- Vergoedingsbeleid en prestasiebonusse
- Uitvoerende vergoeding
- Kort-, medium- en langtermynaansporingskemas
- Werknemerbehoudskemas.

Die Komitee gebruik eksterne markopnames en waardebepalings om die Uitvoerende Direkteure se vergoeding en voordele te bepaal. Die Groep se vergoedingsfilosofie struktureer vergoedingspakkette op so 'n wyse dat lang- en korttermynaansporings bepaal word op grond van die bereiking van die besigheidsdoelwitte en die lewering van aandeelhouerswaarde.

Die Komitee monitor die ontwikkeling en implementering van die Groep se vergoedingsbeleid. Die totale vergoedingspakkette van uitvoerende lede word op so 'n wyse bepaal dat 'n aansienlike deel prestasieverwant

is. As sodanig word uitvoerende lede se geskiktheid vir 'n jaarlikse bonus gekoppel aan toepaslike Groepdoelwitte. Totale vergoeding word op mededingende vlakke bepaal met inagneming van die toepaslike verantwoordelikheidsterreine en die kompleksiteit van die bedryf waarin die Groepe optree.

Die Vergoedingskomitee is tevrede dat hy sy verantwoordelikhede ingevolge sy opdrag vir die oorsigtydperk nagekom het. In dié tyd het dit twee keer vergader.

Nominasiekomitee

Die Nominasiekomitee staan onder voorsitterskap van 'n Nie-uitvoerende Direkteur en bestaan uit vier Nie-uitvoerende Direkteure. Die Nominasiekomitee gaan gereeld die Direksiestrukture en die grootte en samestelling van die Direksies na en doen aanbevelings oor hierdie sake aan die CIL Direksie, in besonder oor die verdeling tussen Uitvoerende Direkteure, Nie-uitvoerende Direkteure en Onafhanklike Direkteure. Die Komitee help met die identifikasie en nominasie van nuwe Direkteure en Onafhanklike Direkteure vir goedkeuring, en hou toesig oor die induksie en opleiding van Direkteure. Tans is die klem daarop om te sorg dat al die nodige vaardighede in die CIL Direksie teenwoordig is.

Met betrekking tot die jaarlikse prestasieoorsigte van die CIL Direksie en sy komitees, staan die Komitee die Voorsitter van die Direksie by. Dit help die Voorsitter ook om te sorg dat die Direksies behoorlik en doeltreffend funksioneer en sorg dat opvolgplanne deur die Groep gevestig en gehandhaaf word.

Volhoubaarsheidskomitee

Die Direksie het gedurende die jaar 'n Volhoubaarheidskomitee gevestig wat uit vyf Nie-uitvoerende Direkteure bestaan. Mnr TA Wixley, 'n Nie-uitvoerende onafhanklike Direkteur, is die voorsitter van hierdie Komitee. Die Uitvoerende Bestuur woon Komiteevergaderings op uitnodiging by.

Hierdie Komitee is daarvoor verantwoordelik om alle relevante aspekte wat 'n beduidende uitwerking op die langtermynvolhoubaarheid van die Groep mag hê, asook alle faktore wat die Groep se driedubbele rapporteringstelsel beïnvloed, te monitor en die Direksie te adviseer.

CLOVER INDUSTRIES BEPERK: DIREKSIEBYWONING 1 JULIE 2007 TOT 30 JUNIE 2008 EN 1 JULIE 2008 TOT 30 JUNIE 2009

Direkteur	Direksie				Groep Oudit				Finansiële Oorsig- en Risikokomitee				Vergoedingskomitee				Nominasiekomitee				Volhoubaarheids-komitee			
	2009		2008		2009		2008		2009		2008		2009		2008		2009		2008		2009		2008	
	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B	A	B
LJ Botha	5	4	4	4																				
JAH Bredin	5	5	4	4					5	5	1	1	2	2	5	5	2	2	2	2				
WI Büchner	5	5	4	4																	3	3	0	0
J Copelyn	5	3	4	0																				
HPF du Preez	5	5	4	4					5	5	1	1	2	2	5	5								
MG Elliott	5	5	4	4																				
M Golding	5	1	4	1																				
JC Hendriks (Dr)	5	5	4	3													2	2	2	2	3	3	0	0
C Lerm (Dr)	5	5	4	4																				
JW Lotz	5	5	4	4																				
M MacKenzie	5	5	4	3																				
FG Meyer	5	5	4	4																				
VE Mphande	5	0	4	2																	3	0	0	0
HB Roode	5	5	4	4																				
DK Smith	5	4	4	4	3	3	1	1	5	5	1	1	2	2	5	5	2	1	2	1	3	3	0	0
VP Turner	5	5	4	4																				
TA Wixley	5	5	4	3	3	3	1	1	5	5	1	1					2	2	2	2	3	3	0	0
A van der Veen *	5	3	4	4					5	3	1	1	2	1	5	5								
JH Vorster	5	5	4	4																				

A = Getal vergaderings gehou
B = Getal vergaderings bygewoon
Nota: * A van der Veen het in April 2009 bedank

HB Roode
Sekretaris

FINANSIËLE VERSLAG

Finansiële prestasie

Die jaar se resultate sluit 'n wins van R637,5 miljoen (R599,5 miljoen na belasting) by die dekonsolidasie van Danone Clover in. Om die redes soos in die Direkteursverslag geopenbaar, het die Direksie besluit om die eweredige konsolidasiemetode van verslagdoening oor sy belegging in Danone Clover op 31 Mei 2009 te staak en daarna die ekwiteitsmetode van verslagdoening toe te pas vir hierdie voormalige gesamentlike onderneming, wat nou as 'n assosiaatmaatskappy geklassifiseer word met ingang van 1 Junie 2009. Die hersiene IAS 31, wat vroeg deur die Groep aanvaar is, maak voorsiening vir 'n aanpassing van wins of verlies vir die jaar by verlies aan gesamentlike beheer in 'n gesamentlike onderneming, gelyk aan die verskil tussen die billike waarde van die belegging en die drawaarde van die belegging op die dag van verlies van gesamentlike beheer.

Billike waarde van die Groep se belang in Danone Clover op 31 Mei 2009 is as R642,3 miljoen bepaal terwyl die drawaarde van die belegging R4,8 miljoen was, wat 'n eenmalige wins en aanpassing van die belegging in die assosiaatmaatskappy van R637,5 miljoen tot gevolg het. Uitgestelde kapitaalwinsbelasting van R38,0 miljoen is teen hierdie wins verreken. Die Groep se belang in die resultate van Danone Clover vir die eerste elf maande van die jaar word steeds proposioneel gekonsolideer vir elke lynitem in die inkomstestaat en kontantvloeistaat. Junie 2009 en toekomstige finansiële jare is en sal weerspieël word as 'n lynitem, naamlik Inkomste van Assosiaat, in die inkomstestaat.

Die bedryfswins vir die jaar, met uitsondering van bogenoemde wins, het R118,9 miljoen beloop (2008: R297,2 miljoen) en 'n toeskryfbare verlies van R72,4 miljoen (2008: R119,9 miljoen) is aangeteken op omset van R6 013,7 miljoen (2008: R5 497,2 miljoen), wat 9,4% hoër was as die vorige jaar.

Die swak bedryfsprestasie kan aan die volgende toegeskryf word:

- Bruto marge het van 25,5% tot 23,9% afgeneem ondanks laer roumelkkoste. Dit toon die ongekende kostestygings in bestanddele, verpakkingsmateriaal, vervaardiging en primêre verspreidingskoste waaraan die Groep gedurende die jaar blootgestel is en wat nie ten volle in verkooppryse verhaal kon word nie. Omset het met 9,4% toegeneem op verkoopvolumes wat net effens laer was as die vorige jaar, wat slegs R35 miljoen meer was as die 12% toename in koste van verkope. Weens die melksurplus gedurende die jaar kon verkooppryse nie verder verhoog word sonder die risiko van aansienlike volumeverliese nie.

- Die R35 miljoen toename in bruto wins was onvoldoende om die R213 miljoen of 19% toename in nie-verkoopverwante uitgawes te dek. Ingesluit in hierdie uitgawes is herstruktureringskoste van R17 miljoen met betrekking tot die sluiting van die Wesselsbron-fabriek en die verskuiwing van die Boksburg-pakhuis na Clayville. Die voordele van hierdie projekte sal in die toekoms blyk.

Finansieringskoste het met R38 miljoen toegeneem bo en behalwe die voorraadopbou weens die melksurplus gedurende die eerste nege maande van die jaar en die verhogings in die prima rentekoerse gedurende die eerste helfte van die jaar.

Die effektiewe belastingkoste in die inkomstestaat is tot 9,3% verlaag deur die laer kapitaalwinsbelasting op die wins by dekonsolidasie van Danone Clover en die R371 miljoen deel van die R637,5 miljoen wat die basiskoste uitmaak vir vrystelling van kapitaalwinsbelasting. Belastingverliese beskikbaar vir aanwending deur die Groep teen toekomstige belasbare winste beloop R759,4 miljoen (2008: R459,3 miljoen).

Die Groep se belang in die toeskryfbare winste van Danone Clover is volgens die ekwiteitsmetode vanaf 1 Junie 2009 te boek gestel en het 'n verlies van R5,5 miljoen vir die maand van Junie 2009 bedra, wat as Deel van verlies van 'n Assosiaatmaatskappy in die inkomstestaat aangetoon word.

Balansstaat en kontantvloei

Belangrike balansstaatbewegings het by die dekonsolidasie van Danone Clover op 1 Junie 2009 voorgekom. Verwys na Aantekening 25.4 by die finansiële state vir besonderhede in hierdie verband.

Die kontantvloeistaat toon dat die Groep se kontant uit bedryfsaktiwiteite baie dieselfde as die vorige jaar was indien in ag geneem word dat geen dividende gedurende die huidige jaar betaal is nie. As 'n mens egter in aanmerking neem dat die huidige jaar se kontantwinste voor finansieringskoste, belasting en veranderinge in bedryfskapitaal, soos in Aantekening 25.1 vervat, R131,7 miljoen laer was as die vorige jaar, dui dit op 'n betekenisvolle verbetering in die bestuur van bedryfskapitaal. Hierdie verbetering was die gevolg van 'n R159,2 miljoen verlaging in die belegging in bedryfskapitaal, veral 'n R333,3 miljoen verlaging in voorraadbelegging, maar gedeeltelik geneutraliseer deur 'n R224,2 miljoen verlaging in befondsing deur handels- en ander krediteure soos in Aantekening 25.2 geopenbaar. Die verlaagde befondsing deur handels- en ander krediteure is hoofsaaklik veroorsaak deur die laer roumelkinname en melkprys in Junie 2009 vergeleke met Junie 2008, en die tydsberekening van krediteurebetalings aan die einde van Junie 2008 is duidelik in die Junie 2009 handelskrediteure en kontantbalanse weerspieël.

Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite kom na aan kapitaalbesteding, wat onderskeidelik R209,5 miljoen en R253,4 miljoen vir 2009 en 2008 beloop het.

Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite weerspieël 'n gesonde afname in netto skuldgroei van R446,8 miljoen vergeleke met die vorige jaar. Die netto beweging in kontant en kontantekwivalente toon egter ook 'n ooreenstemmende R402,3 miljoen afname van 2008 tot 2009, wat impliseer dat kontantbestuur in die huidige jaar op die verlaging van skuldvlakke gekonsentreer het. Netto kontantvloei het met R44,4 miljoen verbeter. Opsommend is dit moontlik gemaak deur aansienlik verbeterde bestuur van bedryfskapitaal, maar geabsorbeer deur die verlaagde winsgewendheid.

Segmentverslagdoening

Die twee vernaamste sakesegmente is suiwelprodukte en nie-alkoholiese drankies. Verwys asseblief na Aantekening 6 by die finansiële state vir die verslag per sakesegment.

Die Groep tree hoofsaaklik in die geografiese gebied van Suid-Afrika op. Die inkomste en bates van die bedrywighede buite Suid-Afrika is onbeduidend. Gevolglik word dit nie toepaslik geag om volgens geografiese segment verslag te doen nie.

LJ Botha
Hoof Finansiële Beampte

SERTIFIKAAT DEUR SEKRETARIS
(INGEVOLGE ARTIKEL 268G(D) VAN DIE MAATSKAPPYWET)

Die Sekretaris van Clover Industries Beperk, Hermanus Bernardus Roode, sertifiseer dat Clover Industries Beperk voldoen het aan al die vereistes van die Maatskappywet en meer spesifiek dat alle opgawes vereis om deur 'n openbare maatskappy ingedien te word in terme van die Maatskappywet, 1973, soos gewysig, by die Registrateur ingedien is en dat die opgawes waar, korrek en op datum is, en dat, ingevolge Artikel 302, 'n kopie van hierdie jaarlikse finansiële state aan elke persoon gestuur is wat daarop geregtig is in terme van die Wet.

HB Roode
Sekretaris

ONTLEDING VAN AANDEELHOUDING

	Getal aandeelhouers	% aandeelhouers	Getal aandele	% uitgereikte aandele
Gewone aandele				
Kategorieë				
Banke/genomineerdes	1	0,3	86 018	0,1
Individue	245	78,0	29 881 852	33,8
Direkteure	9	2,9	2 177 294	2,5
Die CIL Stabilisasietrust	1	0,3	9 773 771	11,0
Korporatiewe liggame	4	1,3	581 146	0,7
Hosken Consolidated Investments Beperk	1	0,3	30 881 374	34,9
Maatskappye	53	16,9	15 103 856	17,0
Totaal	**314**	**100**	**88 485 311**	**100**
Gewone aandele				
Grootte van aandeelhouding				
1 - 1 000	4	1,3	2 225	-
1 001 - 5 000	11	3,5	34 189	-
5 001 - 50 000	88	28,0	2 344 651	2,7
50 000 - 100 000	61	19,4	4 519 546	5,1
Meer as 100 000	150	47,8	81 584 700	92,2
Totaal	**314**	**100**	**88 485 311**	**100**
Voorkeuraandele				
Kategorieë				
Banke/genomineerdes	20	4,5	24 196 299	28,0
Individue	398	89,0	8 912 721	10,3
Direkteure	11	2,5	10 477 171	12,1
The CIL Share Purchase Plan Trust	1	0,2	1 050 567	1,2
Korporatiewe liggame	1	0,2	39 878	-
Hosken Consolidated Investments Beperk	1	0,2	25 000 000	28,9
Beleggingstrusts	1	0,2	1 180	-
Maatskappye	14	3,2	16 814 773	19,5
Totaal	**447**	**100**	**86 492 589**	**100**
Voorkeuraandele				
Grootte van aandeelhouding				
1 - 1 000	73	16,3	40 362	-
1 001 - 5 000	66	14,8	184 789	0,2
5 001 - 50 000	203	45,4	3 856 007	4,5
50 001 - 100 000	45	10,1	3 377 739	3,9
Meer as 100 000	60	13,4	79 033 692	91,4
Totaal	**447**	**100**	**86 492 589**	**100**

KENNIS VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

Kennis geskied hiermee dat die Algemene Jaarvergadering van Clover Industries Beperk ("die Maatskappy") op Woensdag, 28 Oktober 2009 om 10:00 by Constantiarylaan 200, Constantia Kloof gehou sal word om die volgende sake af te handel:

1	Om die finansiële jaarstate en Groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 te ontvang en te oorweeg		
2	Om die Direkteursvergoeding vir die jaar geëindig 30 Junie 2009, soos in die finansiële state uiteengesit, goed te keur		
3	Om die Nie-uitvoerende Direkteursvergoeding vir die jaar eindigende 30 Junie 2010, soos hieronder uiteengesit, goed te keur		
3.1	**Jaarlikse vergoeding**		**R**
	Voorsitter		179 010
	Ondervoorsitter		123 520
	Direkteur		107 406
	Bywoningsgelde per vergadering		**R**
	Alle Voorsitters		14 320
	Direksievergaderings		6 773
	Groep Oudit- en Vergoedingskomitees		11 935
	Ander subkomitees		9 547
4	Om Ernst & Young Inc. weer as Ouditeure vir die volgende jaar aan te stel en mnr FF Scheepers as genomineerde ouditeur		
5	Om alle onuitgereikte aandele van die Maatskappy tot die volgende Algemene Jaarvergadering onder beheer van die Direkteure te plaas		
6	Verkiesing van Direkteure		
	6.1	Daar is drie vakante poste in die Direksie vir Nie-uitvoerende Produsentedirekteure, as gevolg van aftrede en rotasie van dr JC Hendriks, mnre HPF du Preez en WI Büchner, wat beskikbaar is vir herverkiesing	
	6.2	Die Nominasiekomitee het geen nuwe nominasies in die verband ontvang nie en stel dr JC Hendriks, mnre HPF du Preez en WI Büchner vir herverkiesing voor	
7	Om goed te keur dat die Gewone Besluit wat op 7 Januarie 2009 by die Algemene Vergadering van gewone aandeelhouers van Clover Industries Bpk ("CIL") geneem is, hiermee herroep word		
8	Om goed te keur dat met verwysing na 4 000 000 (vier miljoen) voorkeuraandele in die onuitgereikte, maar gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy, die Direkteure hiermee spesifiek gemagtig word in terme van Artikel 221, 222 en 223 van die Maatskappywet 61 van 1973 ("die Wet"), soos gewysig, om sodanige voorkeuraandele toe te ken en uit te reik aan die volgende Uitvoerende Direkteure van die Maatskappy teen 'n uitgifprys van R3,14 (Drie rand en veertien sent) per voorkeuraandeel: JH Vorster, HB Roode, CP Lerm en LJ Botha Die subskripsie vir die voorkeuraandele sal gefinansier word in term van Artikel 38(2) van die Wet, deur CIL Share Purchase Plan Trust		
9	Om enige ander sake wat binne die bevoegdheid van 'n Algemene Jaarvergadering val, af te handel		

'n Gewone aandeelhouer wat geregtig is om bogenoemde vergadering by te woon en te stem, is geregtig om 'n gevolmagtigde aan te stel om dit namens hom of haar by te woon, te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die Maatskappy te wees nie. Volmagvorms moet by die Sekretaris, Constantiarylaan 200, Constantia Kloof, Roodepoort ingedien word of aan Posbus 6161, Weltevredenpark, 1715 gepos word om hom nie later nie as 10:00 op Maandag, 26 Oktober 2009 te bereik.

Op las van die Raad

HB Roode
Sekretaris
30 September 2009

Algemene Jaarvergadering

Wat gehou word in die raadsaal by Constantiarylaan 200, Constantia Kloof op Woensdag, 28 Oktober 2009 om 10:00.

Ek/Ons _____

van _____

synde 'n aandeelhouer/aandeelhouers van die Maatskappy, stel hiermee aan

_____

of indien nie beskikbaar nie, die Voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde om namens my/ons op te tree en te stem by die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy op Woensdag, 28 Oktober 2009 of enige verdagings daarvan, en wel op die volgende wyse

Aantal stemme		***Vir**	***Teen**	***Buite stemming**
1	Om die Groep se finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 te aanvaar.			
2	Om die Direkteursvergoeding vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 goed te keur.			
3	Om die Nie-uitvoerende Direkteursvergoeding vir die jaar eindigend 30 Junie 2010 goed te keur.			
4	Om Ernst & Young Inc. weer as Ouditeure vir die volgende jaar aan te stel en mnr FF Scheepers as genomineerde ouditeur.			
5	Om die onuitgereikte aandelekapitaal onder die beheer van die Direkteure te plaas tot die volgende Algemene Jaarvergadering.			
6.1	Om die heraanstelling van Dr JC Hendriks as Direkteur goed te keur.			
6.2	Om die heraanstelling van mnr HPF du Preez as Direkteur goed te keur.			
6.3	Om die heraanstelling van WI Büchner as Direkteur goed te keur.			
7	Om goed te keur dat die Gewone Besluit wat op 7 Januarie 2009 by die Algemene Vergadering van Gewone Aandeelhouers van Clover Industries Bpk ("CIL") geneem is, hiermee herroep word			
8	Om goed te keur dat met verwysing na 4 000 000 (vier miljoen) voorkeuraandele in die onuitgereikte, maar gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy, die Direkteure hiermee spesifiek gemagtig word in terme van Artikel 221, 222 en 223 van die Maatskappywet 61 van 1973 ("die Wet"), soos gewysig, om sodanige voorkeuraandele toe te ken en uit te reik aan die volgende Uitvoerende Direkteure van die Maatskappy teen 'n uitgifprys van R3,14 (Drie rand en veertien sent) per voorkeuraandeel: JH Vorster, HB Roode, CP Lerm en LJ Botha			

Aantekeninge

1. Plaas 'n "X" in die toepaslike ruimte ooreenkomstig die wyse waarop u wil stem. Indien u dit nie doen nie sal aanvaar word dat die gevolmagtigde tydens die Algemene Jaarvergadering na goeddunke mag stem, of buite stemming mag bly.
2. 'n Aandeelhouer wat geregtig is om bogenoemde Algemene Jaarvergadering by te woon en te stem, is geregtig om 'n gevolmagtigde aan te stel om namens hom/haar by te woon, te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.
3. Volmagvorms moet die Sekretaris, Constantiarylaan 200, Constantia Kloof, 1709 (Posbus 6161, Weltevredenpark, 1715) bereik nie later nie as 10:00 op Maandag, 26 Oktober 2009.

Handtekening _____

Geteken te _____

op _____ 2009

ADMINISTRASIE

Geregistreerde kantoor
Constantiarylaan 200, Constantia Kloof, 1709

Posadres
Posbus 6161, Weltevredenpark, 1715

Telefoon
(011) 471 1400

Telefaks
(011) 471 1504

Internetadres
www.clover.co.za

Eksterne ouditeure
Ernst & Young Inc.

Bankiers
Die ABSA Groep
Eerste Nasionale Bank

Maatskappyregistrasienommer
2003/030429/06

Regsadviseurs
Werksmans
Roestoff, Venter and Kruse
Schwartz North
Kocks and Dreyer

Handel in ongenoteerde aandele
Besonderhede rakende die aandelemakelaars kan verkry word by: www.clover.co.za

Easy to

Clover

It's all you need